



Wes-Kaapse
Regering

Maatskaplike Ontwikkeling

Jaarlikse Prestasieplan

2019/20



**Wes-Kaapse
Regering**

Maatskaplike Ontwikkeling

BETER TESAME.

**Wes-Kaapse Regering:
Departement van Maatskaplike
Ontwikkeling
Jaarlikse Prestasieplan 2019/2020**

Vrywaring

Die Engelse weergawe van hierdie Jaarlikse Prestasieplan word as die amptelike teks beskou. Die Departement aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige wanvertolkings wat gedurende die vertaalproses voorgekom het nie.

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan is saamgestel deur die Hoofdirektoraat: Sakebeplanning en -Strategie, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Om bykomende afskrifte van hierdie dokument te bekom, tree asseblief in verbinding met:

Die Departementshoof

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

Privaat sak X9112

Kaapstad

8000

Suid-Afrika

Tel.: +27 21 483 5121

E-pos: DSDBusinessPlanning@westerncape.gov.za

PR: 06/2019

ISBN: 978-0-621-47006-2

Titel van publikasie: Western Cape Government Department of Social Development
Annual Performance Plan 2019/2020

Tolvrye no.: 0800 220 250

Webwerf: <http://www.westerncape.gov.za>

Voorwoord

Provinsiale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling

Soos ons beplan vir wat in werklikheid die finale jaar van hierdie ampstermyn sal wees, is dit belangrik dat die Departement voortgaan met ons huidige koers van sterk leierskap en beleidsekerheid. Die Departement en sy amptenare sal met dienslewering voortgaan, ondanks moontlike ontwigtings wat deur 'n verkiesingsjaar veroorsaak kan word.

As die Provinsiale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, het ek deurgaans daaraan gewerk om die Departement se bestuursoorsig, leierskap en prestasie te verbeter. Aan die hart van hierdie Ministerie se werksaamhede is die konsolidasie en uitbreiding van die vordering wat gemaak is soos vervat in die provinsiale en departementele strategiese planne, in lyn met die grondwetlike-, wetgewende-, en verkiesingsmandate.

Ons primêre fokus is om goeie bestuurspraktyke wat gerig is op effektiewe dienslewering te handhaaf. 'n Bewys hiervan is dat ons 'n skoon oudit van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) ontvang het, wat 'n welkome resultaat is en ons strewe na deurlopende verbeterde dienslewering weerspieël.

In die afgelope boekjaar het ek die Departement daartoe verbind om nakoming van die OG se vereistes te oorskry deurdat 'n aantal innoverings ingestel is wat dienslewering verbeter het. Hierdie innoverings sluit die Oog-op-die-Kind-program in, asook die geleidelike implementering van spelterapiekamers vir kinders in die diensleweringgebiede. In die komende boekjaar beoog ek om voort te gaan met die lewering van innoverende dienste gemik op kinders en gesinne. In hierdie opsig sal ons projek vir meisies ook vir die huidige boekjaar geprioritiseer word.

Ons sal voortgaan met die verbetering van die organisatoriese struktuur van die Departement na die stygende aanvraag en diensleweringse vereistes aan te pas. Die verbetering van bestuurstelsels is 'n deurlopende proses, wat gedryf word deur die behoefte om te verseker dat ons hulpbronne ons kernfunksies prioritiseer, soos bepaal word deur die spesifieke wetgewing wat ons werk beïnvloed en rig. In hierdie opsig sal die Departement voortgaan om die prestasie van sy interne kapasiteit te monitor, asook dié van Organisasies Sonder Winsoogmerk (OSW's) as ons vennote. Ons sal voortgaan met die prioritering van prestasiemonitering van data vanaf meer as 2 000 uitbestede OSW's, 45 plaaslike diensleweringkantore, en verskeie residensiële fasiliteite vir kinders en volwassenes wat deur die Departement bestuur word, om ons dienste te verbeter.

Ondanks die gedempte ekonomiese en fiskale klimaat wat steeds voortduur, fokus die Departement al hoe meer op die ontwikkeling van sterk vennootskappe met OSW's wat dienste van hoë kwaliteit, veral statutêre dienste, lewer. Hierdie verhouding sal gebaseer wees op 'n beleid van omsigtige besluitneming rakende ons befondsingsbeleid. Ons sal daarop fokus om daardie organisasies te befonds wat waarde toevoeg tot ons noodsaaklike dienste ten einde die Departement se eie diensleweringse kapasiteit aan te vul. Oor die laaste vyf jaar het ek konstant daarop aangedring dat OSW-befondsing toegeken moet word aan organisasies wat dienslewering en impak demonstreer. Ons vasberadenheid om voortdurend die implementering van dienslewering ooreenkomstig die betrokke statutêre vereistes te verbeter, word verder gedemonstreer deurdat die Departement meer geleenthede vir kinders en jeugdiges in ons sorg sal steun.

In lyn met ons Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD'e), sal ons voortgaan om op die jeug te fokus en ons sal voortgaan met die implementering van die Provinsiale Jeugontwikkelingstrategie (PJOS). Die fokus van die Jeugprogram sal wees op die uitbreiding van Jeugkafees sodat hierdie dienste, geleenthede en ondersteuning meer jongmense kan bereik. In hierdie opsig sal ons met die Stad Kaapstad (SK) en ander plaaslike owerhede saamwerk om die benutting van alle fasiliteite wat deur jongmense in 'n gemeenskap gebruik word te optimaliseer deur dit via Jeugkafees te verbind. Ons sal ook voortgaan om vennote in die privaat sektor te werf en meer geakkrediteerde programme in Jeugkafees bekend te stel. Die verdere uitbreiding van Jeugkafees sal ook op onderbediende landelike gemeenskappe fokus.

Die Ministeriële Kaapse Jeugwerkprogram sal gedurende 2019/20 regoor die Provinsie geïmplementeer word. Hierdie program sal broodnodige uitbreedingsstrategieë voorsien vir jongmense wat deelgeneem het aan die verskillende vaardigheidsontwikkeling, Ministeriële Jeuguitreik en die Jeugkafeeprogramme deur die voorsiening van werk- / werkvoorbereidingsopleiding en inkomsteverwante werkseleenthede.

Die Departement sal infrastruktuur van veilige Kinder- en Jeugsorgsentrums (KJSS'e) by die KJSS in Clanwilliam opgradeer. Die Departement sal voortdurend op besparing fokus ten einde hulpbronne in dienslewering te belê, en derhalwe sal ons fasiliteite nie-kernaktiwiteite afskaal om kostes te bespaar.

'n Groot fokusgebied vir die Departement sal wees om betekenisvolle maniere te vind om groter gemeenskap- en gesinsbetrokkenheid te bevorder. Die komende boekjaar sal fokus op die bevordering van voorkomende programme vir kwesbare kinders. Die Departement sal openbare opvoeding bevorder wat fokus op die verantwoordelikhede en regte van ouers, asook burgerlike verantwoordelikheid en die verpligting om die slegte behandeling van kinders aan te meld om kindermishandeling, -verwaarloosing en -uitbuiting te voorkom. Om die gety teen die vlakke van maatskaplike misbruik, verwaarloosing en geweld teen kinders te verander, moet ons programme instel wat die deelname van gesinne en gemeenskappe in voorkomende, vroeë intervensie en nasorgdienste beklemtoon.

Die Departement sal voortgaan om vennootskappe te ontwikkel en verhoudings met belanghebbendes te verbeter in die stryd teen geslagsgebaseerde geweld. Ons sal voortgaan om te verseker dat skuilings vir slagoffers van mishandeling aan norme en standaarde voldoen. As deel van ons poging om te innoveer, sal die Slagofferbemaagtigingsprogram (SPB) 'n loodsprogram implementeer wat nasorgdienste lewer aan slagoffers wat skuilings verlaat. Die ontwikkeling van vaardighede het 'n integrale deel van ons skuilings vir mishandelde vroue geword.

Ons sal voortgaan om sterk verhoudings met akademiese instellings te handhaaf om te verseker dat ons dwelmmisbruikbehandelingsprogramme in die beste praktyk gegrond is. Dit is veral belangrik in verband met die bekamping van alkoholverwante nadele, wat die derde meeste as verslawing by ons behandelingsfasiliteite voorkom. Ons sal voortgaan om digitale en sosiale media vir bewustmakingsveldtogte te gebruik, aangesien dit ons in staat stel om meer mense, veral die jeug, te bereik.

In ons stryd teen die mishandeling van bejaardes en verswaktes, sal ons voortgaan om sorgsame en ingeligte praktyke in residensiële fasiliteite af te dwing. Die Departement sal voortgaan om die registrasie van residensiële sorg fasiliteite vir verswakte ouer persone, alternatiewe versorging en ondersteuningsmodelle soos dagsorgsentrums, dienssentrums, senior klubs, aflossorg, selfsorg en tuissorg te prioritiseer.

Ons sluit die finale jaar van hierdie ampstermyn af met vertroue in die sterk stelsels en kontrole- en beheermaatreëls wat intern ontwikkel is. Die Departement sal voortgaan om doeltreffend te werk te gaan op 'n manier wat armes bevoordeel ten einde die mense van hierdie Provinsie te dien. Ek vertrou dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan (JPP) ons doelwitte vir die komende boekjaar duidelik uiteensit, en dat dit as 'n goeie riglyn vir ons bestuur en personeel in die implementering daarvan sal dien.



PROVINSIALE MINISTER VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING


Adv. Albert Fritz

Datum: 1 Maart 2019

Amptelike Aftekening

Daar word hiermee verklaar dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:


- Deur die bestuur van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) onder leiding van Adv. Albert Fritz en ooreenkomstig die Strategiese Plan van die Departement voorberei is.
- Al die tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate, waarvoor die Departement verantwoordelik is, in ag neem.
- 'n Akkurate weergawe bied van die prestasieteikens wat die Departement sal poog om met die hulpbronne wat in die begroting vir 2019/20 beskikbaar gestel is, te verwesenlik.



Me. Marion Johnson
Hoofdirekteur: Sakebeplanning en Strategie




Mnr. Juan Smith
Hoof- Finansiële Beampte (HFB)



Dr. Robert Macdonald
Rekenpligtige Beampte

Goedgekeur deur:



Adv. Albert Fritz
Uitvoerende Gesag

Datum:

1 Maart 2019

Inhoud

| | |
|--|----|
| Vrywaring | 2 |
| Voorwoord | 3 |
| Amptelike Aftekening | 5 |
| Deel A: Strategiese oorsig | 8 |
| 1. Visie | 8 |
| 2. Missie | 8 |
| 3. Waardes | 8 |
| 4. Wetgewende, ander mandate en kernfunksies | 9 |
| 4.1 Grondwetlike Mandate | 9 |
| 4.2 Wetgewende Mandate | 9 |
| 4.3 Kernfunksies van die Departement | 11 |
| 4.4 Beleidsmandate | 11 |
| 4.5 Tersaaklike Hofuitsprake | 14 |
| 4.6 Beplande Beleidsinisiatiewe | 14 |
| 5. Situasië-ontleding | 14 |
| 5.1 Prestasie-omgewing | 14 |
| 5.2 Organisasie Omgewing | 18 |
| 5.3 Organisasie struktuur | 22 |
| 5.4 Beskrywing van die strategiese beplanningsproses | 23 |
| 5.5 Belyning van die departementele mandate | 24 |
| 6. Departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte | 27 |
| 7. Oorsig van 2019/20-begroting en MTUR-beramings | 30 |
| 7.1 Uitgaweberamings | 30 |
| Deel B: Strategiese doelwitte en program-inligting | 33 |
| 8. Program 1: Administrasie | 34 |
| 8.1 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR | 38 |
| 8.2 Risikobestuur | 40 |
| 9. Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste | 41 |
| 9.1 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR | 48 |
| 9.2 Risikobestuur | 50 |
| 10. Program 3: Kinders en Gesinne | 51 |
| 10.1 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR | 63 |
| 10.2 Risikobestuur | 65 |
| 11. Program 4: Herstellende Dienste | 66 |
| 11.1 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR | 74 |
| 11.2 Risikobestuur | 75 |
| 12. Program 5: Ontwikkeling en Navorsing | 76 |
| 12.1 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR | 84 |
| 12.2 Risikobestuur | 86 |
| C Deel C: Skakels met ander planne | 87 |

| | |
|---|-----|
| 13. Skakels met langtermyn-infrastruktuurplanne en ander kapitaalplanne | 87 |
| 14. Voorwaardelike Toelaes | 89 |
| 15. Openbare Entiteite | 89 |
| 16. Openbare-private Vennootskappe | 89 |
| Bylae A: Veranderinge aan die Strategiese Plan 2015–2020..... | 90 |
| Bylae B: Tabele met beskrywings van tegniese aanwysers..... | 93 |
| Bylae C: Lys van kontakte..... | 146 |
| Bylae D: Akronieme..... | 149 |
| Bylae E: Vennootskapssooreenkomste..... | 150 |

Deel A: Strategiese oorsig

1. Visie

'n Selfonderhoudende samelewing.

2. Missie

Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste, warme mense, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes in staat stel en bemagtig, te verseker.

3. Waardes

Die werk van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) sal op die volgende waardes van die Wes-Kaapse Regering (WKR) gebou word:



Sorgsaamheid

Om om te gee vir diegene in wie se diens ons is en met wie ons werk.



Bevoegdheid

Die vermoë en bekwaamheid om die werk te doen waarvoor ons aangestel is.



Aanspreeklikheid

Ons aanvaar verantwoordelikheid.



Integriteit

Om eerlik te wees en die regte ding te doen.



Innovasie

Om ontvanklik te wees vir nuwe idees en op vindingryke wyse kreatiewe oplossings vir probleme te ontwikkel.



Responsiwiteit

Om die behoeftes van ons burgers en werknemers te dien.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is verbind tot die volgende diensleweringbeginsels:

- **Innovasie: Om anders te werk te gaan**

Die Departement sal daarna streef om verskillende maniere van werk te ondersoek en te toets om die maksimum resultate oor die kortste tydperk te bereik sonder om gehalte in te boet.

- **Konsultasie en insluiting**

Ons sal deurlopend aandag gee aan betekenisvolle skakeling met ons vennote en belanghebbendes soos omskryf in die Interregeringsraamwerk, Wet 13 van 2005.

- **Toeganklikheid**

Toeganklikheid tot dienste vir diegene wat dit benodig, is noodsaaklik. Die Departement sal voortgaan om oor die tydperk van die Mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR) sy struktuur en prosesse, waar nodig, te moderniseer.

- **Aanspreeklikheid en deursigtigheid**

Goeie institusionele korporatiewe bestuur sal verseker word deur die implementering van resultaatgebaseerde monitering, evaluering en verslagdoening, deeglike sakeprosesse, beleide en die bevordering van nakoming om aanspreeklikheid en prestasie te verbeter.

4. Wetgewende, ander mandate en kernfunksies

4.1 Grondwetlike Mandate

| Wetgewing | Impak op DMO se funksionaliteit |
|--|---|
| Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 | Artikel 28(1) van die Grondwet sit kinders se regte ten opsigte van gepaste sorg (basiese voeding, skooling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) uiteen en bepaal dat die aanhouding van kinders 'n laaste uitweg moet wees. |

4.2 Wetgewende Mandate

| Wetgewing | Impak op DMO se funksionaliteit |
|--|---|
| Wysigingswet op Proefdienste, 2002 (Wet 35 van 2002) | Die doel van hierdie wet is om die Wet op Proefdienste, 1991, te wysig ten einde omskrywings in te voeg: <ul style="list-style-type: none"> • Om verder voorsiening te maak vir programme wat op die voorkoming en bekamping van misdaad gemik is; • Om die magte en pligte van proefbeamptes uit te brei; • Om voorsiening te maak vir die pligte van assistentproefbeamptes; • Om voorsiening te maak vir die verpligte evaluering van kinders wat gearresteer is; • Om voorsiening te maak vir die instelling van 'n proefadvieskomitee; • Om voorsiening te maak vir die aanwysing van familie-opspoorders; en • Om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou. |
| Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, 1997 (Wet 71 van 1997) | Die doel van hierdie wet is om OSW's te ondersteun deur 'n administratiewe en regulatoriese raamwerk daar te stel waarbinne OSW's werksaam kan wees. |
| Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998) | Die doel van hierdie wet is om aan slagoffers van gesinsgeweld die maksimum beskerming teen gesinsgeweld te bied. |
| Wet op Maatskaplike-diensberoepe, 1978 (Wet 110 van 1978; gewysig in 1995, 1996 en 1998) | Hierdie wet het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoepe (SARMD) daargestel wat die bevoegdhede en werksaamhede van die maatskaplikediensraad en -beroep omskryf. |
| Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) | Hierdie wet is op 1 April 2010 deur 'n Presidensiële Proklamasie in werking gestel en omskryf: <ul style="list-style-type: none"> • Die regte en verantwoordelikhede van kinders; • Die verantwoordelikhede en regte van ouers; • Beginsels en riglyne vir die beskerming van kinders; • Die bevordering van die welsyn van kinders; en • Die konsolidasie van die wette rakende die welsyn en beskerming van kinders, asook vir bykomende aangeleenthede. <p>Die primêre fokus van die tweede hersiening van die Kinderwet (Wet 38 van 2005) was die bevinding van die Suid-Gautengse Hooggeregshof, gedateer April 2011, rakende die korrekte vertolking van artikel 150(1)(a) van die wet. Die hof het bevind dat:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Versorger wat 'n regmatige sorgsaamheidsplig het (in hierdie geval 'n ouma), as 'n pleegouer aangestel kan word; en |

| Wetgewing | Impak op DMO se funksionaliteit |
|---|---|
| | <ul style="list-style-type: none"> Nóg die Kinderwet nóg die Wet op Maatskaplike Hulp of sy regulasies vereis dat die pleegouer se inkomste ondersoek moet word en dus moet die finansiële situasie van die kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het, in ag geneem word en nie dié van die pleegouer nie. Waar pleegouers wat 'n regmatige onderhoudspelig het nie oor die finansiële middele beskik om dit te doen nie, moet hulle om 'n pleegsorgtoelaag kan aansoek doen. |
| Wet op Ouer Persone, 2006 (Wet 13 van 2006) | <p>Hierdie wet wat deur 'n presidensiële proklamasie op 1 April 2010 in werking gestel is, het die bemagtiging en beskerming van ouer persone ten doel, met insluiting van hul status, regte, welsyn, veiligheid en sekuriteit, sowel as die bekamping van die mishandeling van ouer persone.</p> <ul style="list-style-type: none"> Die wet bevorder 'n ontwikkelingsgerigte benadering wat erkenning gee aan: Die wysheid en vaardighede van ouer persone; Ouer persone se deelname aan gemeenskapsaangeleenthede; Die regulering van die registrasie van dienste vir ouer persone; en Die vestiging en bestuur van dienste en fasiliteite vir ouer persone. <p>Anders as die Wet op Bejaarde Persone, 1967 (Wet 81 van 1967) word die klem verskuif vanaf institusionele sorg na gemeenskapsgebaseerde sorg ten einde te verseker dat ouer persone vir so lank as moontlik in die gemeenskap bly.</p> |
| Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, 2008 (Wet 70 van 2008) | <p>Hierdie wet maak voorsiening vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering op die gebied van middelmisbruik onder alle staatsdepartemente. Die hoofsaaklike fokus van hierdie wet is die bevordering van gemeenskapsgebaseerde programme en programme vir vroeë intervensie, sowel as die registrasie van terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik.</p> |
| Wet op Kindergeregtigheid, 2008 (Wet 75 van 2008) | <p>Hierdie wet maak voorsiening vir 'n strafregproses vir kinders wat van oortredings beskuldig word en het ten doel om die regte van kinders te beskerm.</p> |
| Wysigingswet op die Strafbreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2012 (Wet 6 van 2012) | <p>Hierdie wet wysig die Wysigingswet op die Strafbreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, om uitdruklik voorsiening te maak dat die oplê van strawwe ten opsigte van sekere misdrywe wat in die wet vervat is aan die diskresie van die howe oorgelaat word, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p> |
| Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel, 2013 (Wet 7 van 2013) | <p>Hierdie wet gee uitvoering aan die Verenigde Nasies (VN) se protokol om mensehandel, veral van vroue en kinders, te voorkom, te bekamp en te straf, en om sodoende die VN-konvensie teen transnasionale georganiseerde misdaad aan te vul.</p> |
| Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005) | <p>Hierdie wet het ten doel om groter betrokkenheid tussen die drie regeringsfere te bevorder om 'n stabiele en responsiewe regeringstelsel te bevorder wat die waardes en beginsels van staatsadministrasie versterk.</p> |
| Wet op die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap, 2008 (Wet 54 van 2008) | <p>Die doel van hierdie wet is om koördinerende rakende aangeleenthede in verband met jeugontwikkeling te skep en te bevorder.</p> |
| Wet op Maatskaplike Bystand, 2004 (Wet 13 van 2004) | <p>Hierdie wet maak voorsiening vir die lewering van maatskaplike bystand aan persone, sowel as die meganisme vir die lewering van sodanige bystand; die instelling van 'n inspektoraat vir maatskaplike bystand; en om voorsiening te maak vir ander verwante aangeleenthede.</p> |
| Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) | <p>Hierdie wet maak voorsiening vir 'n geïntegreerde en gekoördineerde rampbestuurbeleid (wat fokus op voorkoming of vermindering van die risiko van rampe, verligting van die felheid van rampe, noodgereedheid, vinnige en effektiewe reaksie op rampe en herstel ná rampe); die vestiging van nasionale, provinsiale en munisipale rampbestuursentrums; rampbestuurvrywilligers; en ander bykomende aangeleenthede.</p> |
| Wet op Geestesgesondheid, 2002 (Wet 17 van 2002) | <p>Hierdie wet maak voorsiening vir die versorging, behandeling en rehabilitasie van persone wat geestesongesteld is; sit verskillende prosedures uiteen wat gevolg moet word vir die toelating van sodanige persone; en maak voorsiening vir die versorging en administrasie van die eiendom van geestesongestelde persone.</p> |

4.3 Kernfunksies van die Departement

Die Departement is verbind tot die volgende twee kernfunksies:

- 'n Maatskaplikewelsynsdienst aan armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies; en
- 'n Gemeenskapsontwikkelingsdiens wat volhoubare ontwikkelingsprogramme bied, wat die bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer.

4.4 Beleidsmandate

| Beleid | Impak op DMO se funksionaliteit |
|---|--|
| Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTSR) 2014-2019 (2014) | Hierdie Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTSR) is die regering se strategiese plan vir die verkiesingstermyn van 2014-2019. Dit reflekteer die verbintenisse wat in die verkiesingsmanifest van die regerende party gemaak is, waaronder die verbintenis om die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) te implementeer. Die MTSR sit die aksies uiteen wat die regering sal onderneem en die teikens wat bereik moet word. Die doel van die MTSR is om beleidsnakoming, -belyning en -koördinerende oor regeringsplanne heen te verseker, asook belyning met begrotingsprosesse. |
| Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 (2012) | Die Nasionale Beplanningskommissie het die "Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie vir 2030" op 11 November 2011 gepubliseer as 'n stap om 'n nuwe weg te baan vir Suid-Afrika, wat daarna streef om armoede teen 2030 uit te wis en ongelukheid te verminder. Die bygewerkte "Nasionale Ontwikkelingsplan 2030: Ons toekoms – kom ons maak dit werk" is in die loop van 2012 gepubliseer. |
| EenKaap2040: Van Visie tot Aksie (2012) | Die WKR het hierdie visie in Oktober 2012 aangeneem. Dit het ten doel om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit verwoord 'n visie vir hoe die mense van die Wes-Kaap saam kan werk om hul streekseksonomie en die samelewing in die algemeen te ontwikkel, en verskaf 'n riglyn vir beplanning en optrede ter bevordering van 'n gemeenskaplike verbintenis tot en aanspreeklikheid vir volgehoue langtermynvooruitgang. |
| Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2014-2019 (2014) | Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die WKR se strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Die WKR het vyf strategiese doelwitte geïdentifiseer in sy strewe om oor die volgende vyf jaar tot die verwesenliking van die NOP se doelwitte en doelstellings by te dra. |
| Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) | Hierdie witskrif dien sedert 1994 as die grondslag vir maatskaplike welsyn deur rigtinggewende beginsels, beleide en programme vir ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynstelsels te bepaal. |
| Witskrif oor Bevolkingsbeleid (1998) | Hierdie witskrif bevorder volhoubare mense-ontwikkeling en lewensgehalte vir alle Suid-Afrikane deur die integrasie van bevolkingskwessies by ontwikkelingsbeplanning in die verskillende regeringsfere en alle sektore van die samelewing. Die Departement het 'n mandaat om die implementering van die beleid te monitor, sowel as die impak daarvan op bevolkingstendense en -dinamika binne die konteks van volhoubare mense-ontwikkeling. |
| Nasionale Jeugbeleid 2015-2020 (2015) | Die doel is om jeuginisiatiewe te konsolideer wat die vermoëns van jongmense versterk om die ekonomie en die samelewing te transformeer deur in hul behoeftes te voorsien; deur positiewe uitkomstes, geleenthede, keuses en verhoudings te bevorder; en deur die nodige ondersteuning te verskaf om dit te ontwikkel. |
| Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: Beleid oor die Befondsing van Organisasies sonder Winsoogmerk vir die Voorsiening van Maatskaplikewelsyn- en Gemeenskapsontwikkelingsdienste (2015) soos gewysig in 2017 | Die doel van hierdie beleid is om te verseker dat oordragbetalings op 'n deursigtige manier bestuur word wat aanspreeklikheid, toegang, doeltreffende administrasie, duidelike prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid bevorder. Dit sal die DMO in staat stel om sy missie te verwesenlik rakende die verskaffing van 'n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste, wat armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes van geleenthede voorsien en bemagtig. |
| Witskrif oor Gesinne in Suid-Afrika (2013) | Die hoofdoel van hierdie witskrif is om gesinwelstand te kweek, gesinne en die gesinslewe te bevorder en te versterk, en gesinskwessies voorop te stel in |

| Beleid | Impak op DMO se funksionaliteit |
|---|---|
| | regeringswye beleidmakingsinisiatiewe. Die Departement het 'n provinsiale plan ontwikkel vir die implementering van die Witskrif oor Gesinne wat op 16 September 2016 deur die Forum vir Gesinsdienste aanvaar is. |
| Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste (2013) | Hierdie goedgekeurde nasionale raamwerk is in lyn met die Geïntegreerde Dienslewingsmodel (GDLM) en maak voorsiening vir 'n gestandaardiseerde proses waarvolgens generiese maatskaplikewelsynsdienste, wat van die vereiste gehalte, omvattend, geïntegreerd, op regte gegronde en goed van hulpbronne voorsien is, deur maatskaplike werkers gelewer sal word. |
| Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplikewelsynsdienste (2013) | Dit verskaf die maatstawwe vir die lewering van maatskaplikewelsynsdienste van gehalte en maak deel uit van die Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste. |
| Wet op Maatskaplikediensberoep, 1978 (Wet 110 van 1978): Regulasies in verband met die registrasie van 'n spesialiteit in proefdienste (2013) | Hierdie regulasies wat in Regulasiekoerant no. 36159 van 15 Februarie 2013, vol. 572, no. 9911 gepubliseer is, is gemik op die regulering en verbetering van proefdienste. |
| Nasionale Dwelmeesterplan 2013–2017 (2013) | Die plan maak voorsiening vir die koördinerende van departemente en plaaslike owerhede ooreenkomstig die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, 2008 (Wet 70 van 2008). Die doel daarvan is om te verseker dat die land oor 'n eenvormige respons ten opsigte van middelmisbruik beskik. |
| Supervisieraamwerk vir die Maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika (2012) | Dit verskaf die raamwerk vir die doeltreffende supervisie van maatskaplike werkers, maatskaplikewerkstudente, maatskaplikehulpwerkers, leerlingmaatskaplikehulpwerkers, maatskaplikewerkspecialiste en privaat praktisyne ten einde bekwame professionele maatskaplikewerkpraktike te verseker wat in die beste belang van diensgebruikers binne die Suid-Afrikaanse maatskaplike sektor is. |
| Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste (W4) (2012) | Hierdie nasionale raamwerk maak voorsiening vir 'n konsekwente stelsel en duidelike standaarde vir die evaluering van die doeltreffendheid van maatskaplikewelsynsdienste en die deurlopende verbetering daarvan. |
| Jeugontwikkelingsstrategie vir die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2013) | Om die Departement se jeugontwikkelingsprogramme en -prioriteite te lei, toe te lig en te rig, en om 'n groot mate van institusionele en programmatiese voorspelbaarheid te bewerkstellig. Dit dien as 'n kritieke beplanningsinstrument wat daarop gemik is om in die behoeftes van jongmense in die Wes-Kaap te voorsien. |
| Wes-Kaapse Jeugontwikkelingsstrategie (2013) | Die doel van die (provinsiale) jeugontwikkelingsstrategie is om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hul omgewing omgaan en suksesvol ontwikkel in verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes. Dit fokus op jongmense in die voorjeugfase tussen 10 en 14 jaar en die "jeug"-fase tussen 15 en 24. |
| Geïntegreerde Provinsiale Vroeëkindertwikkelingsstrategie 2011–2016 (2011) | Hierdie strategie bied toegang tot kwaliteit vroeëkindertwikkeling (insluitend graad R), wat soveel kinders as moontlik in staat sal stel om die veerkragtigheid, selfvertroue, vaardighede en bevoegdhede te ontwikkel om te verseker dat hulle goed toegeruste en voorbereide leerders van graad 1 tot 12 sal wees. |
| Beleid oor Maatskaplikeontwikkelingsdienste aan Persone met Gestremdhede (2017) | Die hoofdoel is om die voorsiening van hoofstroommaatskaplikeontwikkelingsdienste aan persone met gestremdhede te lei en te koördineer. Die doel daarvan is om te verseker dat die waardigheid en regte van alle persone met gestremdhede beskerm en nagekom word deur relevante sosio-ekonomiese programme en dienste te lewer wat hul insluiting verseker. |
| Wes-Kaapse Provinsiale Ruimtelikeontwikkelingsraamwerk (PROR) (2014) | Hierdie raamwerk dien as basis vir die koördinerende, integrasie en belyning van die "grondvlak"-lewering van nasionale en provinsiale departementele programme; steun munisipaliteite om hul munisipale beplanningsmandaat in lyn met die nasionale en provinsiale agendas te vervul; en steun en kommunikeer die regering se ruimtelikeontwikkelingsoogmerke aan die privaat sektor en burgerlike samelewing. |

| Beleid | Impak op DMO se funksionaliteit |
|---|--|
| Beleid oor die Oorsig, Vrylating en Herintegrasië van Gevonnise Inwoners in DMO-Kinder- en Jeugsorgsentrums na Minder Beperkende Alternatiewe of Ouersorg (2014) | Hierdie beleid verskaf riglyne vir die oorsig, vrylating en herintegrasië van gevonnise inwoners in KJSS'e deur uitplasing na minder beperkende alternatiewe sorg kragtens Hoofstuk 11 van die Kinderwet en Regulasies. |
| Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Standaardbedryfsprosedure (SBP) vir die Verwydering van Straatkinders na 'n Plek van Veiligheid en daaropvolgende Prosesse (2015) | Hierdie SBP is as 'n stapsgewyse riglyn ontwikkel vir hoe om te werk te gaan wanneer 'n straatkind wat sorg en beskerming benodig na 'n plek van veiligheid geneem word. Dit sit die rolle en verantwoordelikhede van die Departement se personeel en ander belanghebbendes in die OSW- en polisiëringsektor uiteen. Die SBP sit die volgende uiteen: tydraamwerke waarby gehou moet word; definisies van straatkinders; op wie die prosedure van toepassing is; toepaslike wetgewing; en kontaknommers van die betrokke rolspelers. |
| Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg-en-Beskermingsdienste (2015) | Hierdie strategie is ontwikkel om risiko's wat gepaardgaan met die implementering van die statutêre vereistes, norme en standaarde van die Kinderwet te mitigeer. Die strategie identifiseer die onderliggende oorsake van die probleem en die intervensies om hierdie kwessies te hanteer. |
| Gehalteversekeringsraamwerk vir Prestasiemonitering van Maatskaplikewelsyn- en Gemeenskapontwikkelingsdienslewering (2015) | Hierdie provinsiale raamwerk is belym met die nasionale Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013) en beoog omvattende prestasiemonitering deur middel van 'n gehalteversekeringsbenadering vir gemeenskapontwikkeling- en maatskaplikewelsynsdienste in die Departement, asook in die OSW-sektor in hierdie provinsie. Dit fokus ook op die verbetering van diensleweringse gehalte en bepaal die standaarde vir diensuitnemendheid en hoe dit gemonitor en bestuur moet word. |
| Gehalteversekeringsprotokol vir Kinder- en Jeugsorgsentrums 2016–2018 (2016) | Hierdie protokol bevorder die holistiese implementering van 'n gehalteversekeringsprotokol wat fokus op administratiewe nakoming van wetgewing, goeie korporatiewe bestuur en nakoming van vereistes rakende registrasie en nasionale norme en standaarde vir KJSS'e. |
| Strategie vir die Verbeterde Voorsiening van Multiprogramsentrums (2015) | Die ontwikkeling en bestuur van 'n strategie om 'n gepaste verspreiding van behoorlik toegeruste, gekoördineerde en bestuurde KJSS'e in die provinsie te verseker, wat die vereiste reeks residensiële sorgprogramme soos beoog in artikel 192 van die Kinderwet verskaf. |
| Nasionale Geïntegreerde Vroeëkindertontwikkelingsbeleid (2015) | Hierdie beleid is daarop gemik om dienslewering in Suid-Afrika vir vroeëkindertontwikkeling te transformeer, in besonder om kritieke gapings die hoof te bied en om die voorsiening van 'n omvattende vroeëkindertontwikkelingsprogram van gehalte te verseker, wat geskik is ten opsigte van ouderdom en ontwikkelingsfase en wat toeganklik is vir alle babas, jong kinders en hul versorgers soos dit in die NOP beoog word. |
| Bevolkingsbeleid vir Suid-Afrika (1998) | Hierdie Witskrif bevorder volhoubare mense-ontwikkeling en lewensgehalte vir alle Suid-Afrikane deur die integrasie van bevolkingskwessies by ontwikkelingsbeplanning in die verskillende regeringsfere en alle sektore van die samelewing. Die Departement het 'n mandaat om die implementering van die beleid te monitor, sowel as die impak daarvan op bevolkingstendense en -dinamika binne die konteks van volhoubare mense-ontwikkeling. |
| Wes-Kaapse Provinsiale Strategie vir die Voorsiening van Kinder- en Jeugsorgsentrums (KJSS'e) (2016) | Hierdie strategie bepaal die voorsiening van die voldoende verspreiding van residensiële sorg vir kinders deur KJSS'e oor die kontinuum van sorg en relevante sentrumgebaseerde programme regoor die provinsie heen, wat met die provinsie se spesifieke behoeftes, omstandighede, begrotingstoewysings en infrastruktuurbeskikbaarheid belym is. |
| Wes-Kaapse Regering se Strategiese Raamwerk vir Huishoudelike Voedselsekerheid en Voeding (2016) | Die Wes-Kaapse Strategiese Raamwerk vir Voedselsekerheid en Voeding teiken spesifieke tekortkominge van die huidige voedselstelsel om te verseker dat dit al die inwoners van die Wes-Kaap dien. Die Strategiese Raamwerk sit uitkomstige en oogmerke uiteen wat programme verbind aan 'n afname in mense wat honger ly en verbeterings in gesondheid, voeding en produktiwiteit om alle mense wat in die Wes-Kaap woon te ondersteun om aktiewe en produktiewe lewens te lei. |

| Beleid | Impak op DMO se funksionaliteit |
|---|--|
| Wes-Kaapse Regering se Hele-Samelewing-Benadering (WoSA) tot Sosio-ekonomiese Ontwikkeling (2018) | Die Hele-Samelewing-Benadering (WoSA) beoog veilige, sosiaal-verbonde, veerkragtige en bemagtigde landsburgers en gemeenskappe met gelyke toegang tot maatskaplike dienste en geleenthede. Hierdie dokument bied 'n raamwerk vir geïntegreerde en innoverende maatskaplike ontwikkeling binne 'n gefaseerde benadering. Dit is ontwikkel met die doel om ooreenstemming te verkry rakende die nuwe manier om maatskaplike ontwikkeling deur 'n "Hele-Samelewing-Benadering" te bevorder. |
| Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede (2015) | Hierdie witskrif onderskryf 'n hoofstroomtrajek vir die verwesenliking van die regte van persone met gestremdhede deur die totstandbrenging van 'n vrye en regverdige samelewing wat persone met gestremdhede as gelyke landsburgers insluit. Dit bied leiding en moedig selfverteenwoordiging van persone met gestremdhede aan. Dit sit die verantwoordelikhede en aanspreeklikhede in die breë uiteen deur middel van nege strategiese pilare wat belanghebbendes met die verantwoordelikheid opleë om die volgehoue sistemiese diskriminasie en uitsluiting wat deur persone met gestremdhede ervaar word, uit te wis. Dit bied leiding aan die Wes-Kaapse DMO om struikelblokvrye, gepaste, doeltreffende, doelmatige en gekoördineerde dienslewering te verskaf. |
| Wes-Kaapse Hoofstroomstrategie vir Gestremtheid 2015–2020 (2015) | Die Wes-Kaapse DMO se Hoofstroomstrategie vir Gestremtheid is 'n strategiese vyfjaarplan wat leiding bied aan die Departement rakende die gebruik van 'n hoofstroomstrategie om kwessies in verband met gestremtheid die fokuspunt regdeur die Departement se dienslewering te maak. |

4.5 Tersaaklike Hofuitsprake

Wes-Kaapse Forum vir Intellektuele Gestremtheid: Hofbevelsaaknommer: 18678/2007

Uitspraak wat op 11 November 2010 gelewer is, het die regering opdrag gegee om redelike maatreëls te tref vir die opvoedkundige behoeftes van ernstige en hoogs gestremde kinders. Ter nakoming van hierdie hofbevel maak die Departement voorsiening vir die salarisse van programimplementeerders en versorgers van verstandelik gestremde kinders by dagsorgsentrums en befonds die veilige vervoer van hierdie kinders na en van die sentrums.

4.6 Beplande Beleidsinisiatiewe

Geen.

5. Situasië-ontleding

5.1 Prestasie-omgewing

DMO werk binne 'n toenemende streng en beperkende begrotingsomgewing, terwyl dit stygende vlakke van armoede en maatskaplike euwels in die gesig staar. Baie van die Departement se OSW-vennote moes dienste inkort of werksaamhede beëindig wat bykomende diensleweringdruk op die Departement plaas. Die situasie word verder vererger deur die gevolge van die droogte in 2017/18 en het gelei tot 'n toename in die vraag na maatskaplike dienste. Volgens Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) se halfjaar-bevolkingskattings vir 2018 word die huidige bevolking van die Wes-Kaap op 6,6 miljoen beraam. Gedurende die vyfjaarperiode van 2016 tot 2021 word daar beraam dat meer as 486 617 mense na die Wes-Kaap sal migreer (Stats SA, 2018). Hierdie tendens dra by tot veranderende sosiale dinamiek in die provinsie en beklemtoon die behoefte aan die bevordering van sosiale kohesie onder inwoners.

Volgens die Gemeenskapsopname (GO) van 2016 wat deur Stats SA onderneem is, word die huishoudings in die provinsie op 1,93 miljoen beraam, met 'n gemiddelde grootte van 3,25 lede per huishouding. Die huidige werkloosheidsyfer van 20,7%, wat ondanks 'n marginale afname oor die afgelope drie jaar steeds impliseer dat een uit vyf mense werkloos is, is rede tot kommer. Derhalwe bly kinders en gesinne 'n risiko en hoë prioriteit vir die Departement se dienste. Gesinsversterking sal voortgaan om die fokus van die "Kwesbare Gesinne"-projek te wees, waardeur noodsaaklike dienste aan die kwesbaarste gesinne gelewer sal word. Hierdie intervensies sluit in gesinsbehoudsdienste, die geïntegreerde Isibindi-program, bemiddelingsdienste,

ouerskapsprogramme, asook programme gemik op die rehabilitasie, hereniging en herintegrasie van hawelose volwassenes terug na hul gesinne en gemeenskappe van oorsprong.

Daar woon na raming altesaam 2 017 008 kinders tussen die ouderdom van 0 en 17 jaar in die Wes-Kaap¹. Navorsing² dui op 'n hoë voorkoms van kindermishandeling, en dit is duidelik dat kinderbekermingsstrategieë opgeskerp moet word. Die voorkoms van kindermishandeling in die provinsie hou onder andere verband met die hoë voorkoms van middelmisbruik, insluitend alkohol. Die Departement sal voortgaan met deelname aan die ondersoekkommissies oor die dood van kinders en sal dus in staat te wees om onmiddellik tussenbeide te tree in gevalle waar sibbe kwesbaar is. Die Departement het opdrag ontvang van die Wes-Kaapse Kabinet om 'n aksieplan vir die vermindering van kindermoorde in die provinsie saam te stel en die implementering daarvan te koördineer. Die konsepplan is voltooi en is tans in die proses van konsultasie en koördinerings van die implementering daarvan met ander sleutelbelanghebbendes, waaronder die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), die strafregstelsel, provinsiale en plaaslike regeringsdepartemente en belangrike OSW's.

Sorg- en beskermingsdienste vir kinders is die Departement se vernaamste fokus, en oor die volgende vyf jaar sal die Departement se grootste enkele doelwit wees om hierdie dienste, soos vereis deur die Kinderwet, op standaard te bring en met ander provinsiale departemente, munisipaliteite, OSW's en privaatsektorvennote te koördineer om tot die verwesenliking van PSD 2 en 3 by te dra.

Die Oog-op-die-Kind-program is 'n innoverende program wat moeders as vrywilligers in gemeenskappe oplei, asook Isibindi-kinder- en Jeugsorgwerkers (KJSW's) en ander gemeenskapslede om kwesbare kinders te identifiseer en onmiddellik van bystand en verwysing te voorsien. Die integrasie van die Isibindi- en Oog-op-die-Kind-programme sal die kapasiteit van KJSW's in die Isibindi-program verhoog; die dekkingsgebied van die Oog-op-die-Kind-program uitbrei; en dus bestaande kindersorg-en-beskermingsinisiatiewe in die provinsie versterk. Die Departement sal ook gedurende die 2019/20-boekjaar bystand verleen met die implementering van die Waardigheidsprojek rakende sanitêre produkte. Die projek beoog om dogters in graad 4 tot 12 in arm skole (waar die behoefte die grootste is) te help om basiese sanitêre produkte te bekom.

Daar is ongeveer 610 082 kinders tussen die ouderdom van 0 en 4 jaar in die Wes-Kaap³. Ondanks die geprojekteerde afname in die groeiakoers van hierdie bevolkingskohort oor die volgende vyf tot tien jaar weens 'n afname in die vrugbaarheidskoers, sal VKO-intervensies toenemend fokus op kwessies rakende veiligheid, kognitiewe ontwikkeling en voeding. Die doel van die VKO-intervensies is om kinders in staat te stel om skool beter te hanteer en dus beter opvoedkundige uitkomst te bereik, wat sal verseker dat hul toegang tot meer geleenthede in die lewe bekom. Die voorwaardelike toekenningbefondsing vir VKO sal nie net die instandhouding van bestaande VKO-infrastruktuur opgraderings en subsidies vir VKO-fasiliteite moontlik maak nie, maar ook die uitbreiding van opgraderings en subsidies vir bykomende VKO's. Die implementering van die tweede fase van die PSD 2-VKO-program om programme rakende geletterdheid en gesyferdheid by 65 persele te verbeter sal gehandhaaf word. Die Provinsiale VKO-strategie sal met die nuwe Nasionale Geïntegreerde VKO-beleid belyn word en sal daarna strew om die Departement se implementering van noodsaaklike VKO-dienste in die provinsie volgens beleidsriglyne te reflekteer.

Die Departement sal voortgaan met sy regstellingsintervensies deur middel van sy leiding van die PSD 3-projek, wat ten doel het om geleenthede in die hoofstroom te bring en om die regte, welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede, hul gesinne en versorgers te steun en te bevorder. Die Departement gaan voort om die hofbevel van 2010 te implementeer deur voorsiening te maak vir salarisse van programimplementeerders en versorgers van ernstige tot hoogs verstandelik gestremde kinders, asook deur subsidies te verskaf vir die veilige vervoer van

¹ Stats SA, Halfjaar-bevolkingskattings, 2018.

² Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2015). 'n Evaluering van data oor kindermishandeling. Interne navorsingsverslag saamgestel deur Victoria Tully en Faheemah Esau.

³ Stats SA, Halfjaar-bevolkingskattings, 2018.

kinders na en van hul spesiale versorgingsentrums en deur voorsiening te maak vir dienste by beskermde werksinkels en residensiële fasiliteite.

Die Wes-Kaap is die tuiste van 2,2 miljoen jongmense tussen die ouderdom van 15 en 34 jaar⁴. Aan die hand van data uit Sensus 2011 is daar bereken dat 13% van hierdie jongmense (ongeveer 277 160) as "nie in diens, onderwys of opleiding" (NEETS) geklassifiseer kan word. Hierbenewens het meer as 60% van die werklose jongmense minder as 'n matriekvlak van opvoeding. Middelmisbruik en betrokkenheid by bendes het steeds 'n negatiewe impak op die sosialisering van jongmense. Tesame met die swak Suid-Afrikaanse ekonomie en die gebrek aan werksgeleenthede het dit tot 'n hoë vraag na dienste onder die jeug gelei. Daar is egter min vertrekstrategieë beskikbaar vir jongmense wat vaardigheidsprogramme voltooi. Die Departement se vernaamste prioriteite oor die MTUR heen is dus om te verseker dat alle departementele jeuggefokusde programme met die langtermynuitkomst van die Provinsiale Jeugontwikkelingstrategie (PJOS) belyn is en dat daar 'n strategiese fokus op NEETS is. Die Departement sal befondsing prioriteer vir OSW's wat met kwesbare jongmense werk en sal daarna strew om OSW's se jeuggeteikende programme met PJOS-uitkomst te belyn in samewerking met die jeugsektor. Die Departement sal voortgaan om saam met die Departement van die Premier (DvdP) te werk om transversale belyning met en implementering van jeuggeteikende programme oor alle provinsiale departemente heen te verseker. Hierbenewens sal die Ministeriële Kaapse Jeugwerkprogram in die provinsie geïmplementeer word.

Die Departement sal voortgaan om die dekking van die Jeugkafes uit te brei oor die MTUR heen deur middel van 'n mobiele Jeugkafes-stelsel en bykomende Jeugkafes in gemeenskappe wat tans onderbedien word. Tans is daar 11 Jeugkafes in die provinsie, in Groot-Brakrivier, George, Oudtshoorn, Velddrift, Mitchells Plain, Vrygrond, Nyanga, Bredasdorp, Villiersdorp, Kruispad en Saldanhaabaai.

Maatskaplike misdaad bly steeds 'n prioriteit en die Departement sal steeds daarop fokus om sy statutêre verpligtinge te implementeer kragtens die Wet op Kindergeregtigheid, 2008 (Wet 75 van 2008) en die Wysigingswet op Proefdienste, 2002 (Wet 35 van 2002), en sal ook voortgaan met misdaadvoorkoming en psigososiale ondersteuningsdienste aan slagoffers van misdaad in die provinsie, veral slagoffers van seksuele misdrywe. Gespesialiseerde proef- en afwentelingsdienste vir kinders, jongmense en volwassenes in botsing met die gereg sal in kwesbare gemeenskappe voortgesit word. Die SBP sal ondersteuningsdienste vir slagoffers bied, waaronder die voorsiening van skuilings vir slagoffers van misdaad en geweld (hoofsaaklik vroue en kinders), spesiale huisvesting vir slagoffers van mensehandel, en voorkoming- en vroeëintervensiedienste vir gemeenskappe, gesinne en individue. Vir hierdie doel, vereis PSD 3 steeds dat ons onder andere psigososiale ondersteuning en ander ondersteuningsdienste bied soos die volgende:

- Behandeling en verwante intervensies vir middelmisbruik;
- Intervensies om kinders teen mishandeling en verwaarloosing te beskerm;
- Sorg en ondersteuning vir slagoffers van huishoudelike geweld; en
- Sorg en ondersteuning vir slagoffers van seksuele misdrywe; en
- Ondersteuning aan kwesbare gesinne en ouers om skade in verband met maatskaplike euwels te verminder.

Daar was 'n styging van 5% in die 17 gemeenskapsgerapporteerde kategorie vir ernstige misdaad⁵ oor 'n 10-jaarperiode (2008–2018). Ingesluit by hierdie kategorie is die subkategorie van kontakmisdaad wat 'n beduidende styging van 28% oor die 10-jaarperiode in die Wes-Kaap getoon het. Die hoë moordsyfer van 57,0 per 100 000 van die bevolking, wat aansienlik hoër is as die geskatte globale moordsyfer van 6,2 per 100 000 van die bevolking, is rede tot kommer. Bendedgeweld is steeds 'n beduidende rede tot kommer⁶, met die Wes-Kaap wat 83% bydra tot die nasionale totale getal moorde wat met bendededryghede verband hou. Die provinsie het ook een van die hoogste proporsies (16,6%) tot die nasionale syfers vir moord op kinders en vroue in die land bygedra. Betreffende seksuele misdrywe is 7 075 gevalle in 2017/18 by die SAPD aangemeld, met 'n voorkomssyfer van 108,1 per 100 000 van die bevolking⁷. Volgens data van die Departement

⁴ Stats SA, Halfjaar-bevolkingskattings, 2018.

⁵ Suid-Afrikaanse Polisiediens (2018). Misdaadsituasie in Suid-Afrika, 1 April 2017 tot 31 Maart 2018.

⁶ Suid-Afrikaanse Polisiediens (2018). Misdaadsituasie in Suid-Afrika, 1 April 2017 tot 31 Maart 2018.

⁷ Suid-Afrikaanse Polisiediens (2018). Misdaadsituasie in Suid-Afrika, 1 April 2017 tot 31 Maart 2018.

van Gesondheid is 7 718 gevalle van seksuele aanranding vir dieselfde periode by gesondheidsfasiliteite in die provinsie aangemeld. Daar was 'n styging van 17,2% in gevalle van seksuele aanranding vir die periode van 2015/16 tot 2017/18 soos aangemeld by gesondheidsfasiliteite in die provinsie.

Die Departement sal voortgaan met sy intersektorale medewerking deur middel van die Kluster vir Justisie, Misdaadvoorkoming en Sekuriteit, die Maatskaplike Kluster en betrokke OSW's. Die rol van die Departement in misdaadvoorkoming sluit die volle kontinuum van sorg in (voorkoming, vroeë intervensie, statutêre dienste en herintegrasie), wat deur middel van programme rakende kinderbeskerming, KJSS'e, gesinsbehoud, middelmisbruik, maatskaplike misdaad en slagofferbemaatting gelewer word. Die Departement neem ook deel aan die Provinsiale Gesamentlike Prioriteitskomitee (Prov.Joints) wat deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid gekoördineer word om die Nasionale Strategie teen Bendebedrywighede in die Wes-Kaap te implementeer en het sy voorkomingsprogramme vir maatskaplike misdaad in laerskole en hoërskole in hoërisikogebiede opgeskerp.

Die lewensverwachting vir ouer persone in die Wes-Kaap neem steeds toe. Die stygende lewensverwachting (beraam op 66,2 vir mans en 72,1 vir vroue) is die hoofdryfveer vir die veroudering van die bevolking in die provinsie. Die veroudering van die Wes-Kaapse bevolking word weerspieël in die styging van 25% in die getal persone in die kategorie 65 jaar en ouer soos beraam word vir die volgende vyf jaar. Volgens Stats SA⁸ het die Wes-Kaap 628 470 persone wat 65 jaar en ouer is. Onlangse bevolkingsprojeksies dui daarop dat die bevolking van persone ouer as 65 jaar teen 2024 tot 788 024 sal toeneem⁹. Die versorging van ouer persone, veral die uitbreiding van onafhanklike en hulpsorgverblyf, verswakte sorg en geskikte gemeenskapsgebaseerde intervensies bly steeds 'n prioriteit vir die Departement. Dienste vir ouer persone sluit in verpligte registrasie van befondsde en private residensiële fasiliteite, gemeenskapsgebaseerde dienssentrums en residensiële sorg, waaronder hulpsorg en selfsorg. Aktiewe verouderingsprogramme word in gemeenskapsgebaseerde dienssentrums bevorder.

Die omvang van middelmisbruik in die provinsie en die verband met verskeie maatskaplike euwels benodig dringende ingryping, aangesien die Wes-Kaap steeds die provinsie met die hoogste koers van dwelmverwante misdaad is, met 117 157 gevalle soos in 2017/18 aangemeld, wat 36,2% uitmaak van die totale gerapporteerde dwelmverwante misdaad in Suid-Afrika (323 547 gevalle). Daar was 'n algehele styging van 122% in dwelmverwante misdaad soos gerapporteer in die Wes-Kaap oor 'n 10-jaarperiode van 2008/09 tot 2017/18¹⁰. Verdere rede tot kommer, soos beklemtoon deur die Suid-Afrikaanse Gemeenskapsepidemiologiese netwerk oor Dwelmgebruik (SACENDU)¹¹, in verband met middelmisbruik in die provinsie is die toename in vroue wat behandeling vir middelmisbruik benodig, die toename in die gebruik van metamfetamien deur vroue, en die algehele styging in mense tussen die ouderdom van 20 en 35 jaar wat behandeling vir middelmisbruik in die provinsie benodig.

Mitigasiemaatreëls wat deur die Departement geïmplementeer is, sluit in die toekenning van beurse vir verslawingsorg aan maatskaplike werkers en die implementering van intervensieprogramme vir middelmisbruik in departementele en beveiligde en niebeveiligde KJSS'e. Sedert die 2017/18-boekjaar het die Departement 61 behandelingsentrums (befonds en privaat) vir middelmisbruik geregistreer, naamlik 12 binnepasiëntsentrums, 2 halfweghuise, 46 gemeenskapsgebaseerde sentrums en 1 buitepasiëntfasiliteit. Die Departement se gemeenskapsgebaseerde behandelingsprogram vir middelmisbruik het sedert die implementering in 2009 aansienlik gegroei. Die tyd het dus aangebreek om die doeltreffendheid van die program te evalueer. Derhalwe gaan die Departement 'n provinsiale evaluering implementeer wat op die volgende sal fokus:

- Wat is die vernaamste faktore wat bydra tot die hoë uitsakkoers rakende behandeling vir buitepasiënte?
- Watter praktyke soos ontwikkel deur OSW's om die risiko te verminder rakende die uitsakkoers van kliënte was die doeltreffendste?

⁸ Stats SA, Halfjaar-bevolkingskattings, 2017.

⁹ Stats SA, Halfjaar-bevolkingskattings, 2017.

¹⁰ Suid-Afrikaanse Polisie-diens (2018). Misdaadsituasie in Suid-Afrika, 1 April 2017 tot 31 Maart 2018.

¹¹ SACENDU (Junie 2018). Bywerking vir die periode van Julie tot Desember 2017.

- Wat is die beste manier om die doeltreffendheid en waarde vir geld van 'n behandelingsprogram vir buitepatiënte te bepaal, met inagneming van faktore soos insinking en koste vir die staat per kliënt en of bestaande meetinstrumente dit in werklikheid kan bepaal?
- Watter van ons behandelingsprogramme vir buitepatiënte is die doeltreffendste en bied die beste waarde vir geld?

5.2 Organiseriese Omgewing

'n Doeltreffende organisatoriese struktuur en sakeprosesse is noodsaaklik vir die uitvoering van die Departement se statutêre mandaat. Derhalwe het die Departement veranderinge aan die organisatoriese mikrostruktuur aangebring en word daar voortgegaan om standaardbedryfsprosedures te ontwikkel, te implementeer en personeel daarvoor op te lei, om doeltreffende dienslewering te verseker.

Organiseriese Struktuur

Die organisatoriese ontwerpprosesse vir die eenheid wat dienste aan mense met intellektuele gestremdhede lewer (binne die Direkoraat: Spesiale Programme), die Hoofdirekoraat: Sakebeplanning en -Strategie, en die Direkoraat: Fasiliteitsbestuur is voltooi en by die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSDA) vir goedkeuring ingedien. Implementering word vir die laaste kwartaal van 2018/19 en die eerste kwartaal van die 2019/20-boekjaar geskeduleer. Ten opsigte van die instelling van 'n bykomende Hoofdirekoraat: Maatskaplike Welsyn is die organisatoriese ontwerpproses voltooi en implementering word vir 2019/20 geskeduleer, onderworpe aan die bevredigende voltooiing van die nodige konsultasie- en verslagdoeningsproesse met die verskillende belanghebbendes. Laastens is konsultasie met georganiseerde arbeid oor die nuwe struktuur vir die ses streke vir die 2019/20-boekjaar geskeduleer. Hierdie veranderinge aan die Departement se mikrostruktuur sal personeel van 'n struktuur en diensstaat voorsien wat doeltreffende dienslewering ondersteun.

Sakeprosesse

Die standaardbedryfsprosedures (SBP's) vir die implementering van statutêre maatskaplikewerkdienste, byvoorbeeld, die kanalisering, werwing, sifting en keuring van pleeg- en veiligheidsouers, die Departement se deelname aan die ondersoekkommissies oor die dood van kinders, en die protokol vir die beëindiging of onttrekking van maatskaplikewelsynsdienste uit 'n werksgebied is geïmplementeer. Tesame met die SBP soos bely met die Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplikewelsynsdienste verseker dit dat maatskaplikewerkpraktisyns 'n eenvormige en gestandaardiseerde benadering tot dienslewering implementeer.

In lyn met hul vernaamste fokusgebied het die Departement hulself tot 'n Diensleweringverbeteringsplan (DLVP) vir 2018–2021 verbind wat op kindersorg en -beskerming fokus. Die twee dienste wat vir verbetering geprioritiseer word oor die volgende drie jaar is as volg:

- Diens 1: Kinderbeskerming – om prestasiemonitering van aangewese kinderbeskermingsorganisasies (AKBO's) te doen.
- Diens 2: Pleegsorgbestuur – werwing en opleiding van pleeg- en veiligheidsouers.

Met betrekking tot ondersteuningsdienste gaan die Departement voort om sy prestasie-inligtingsbestuursproesse te verfyn deur sy prestasie-inligting-SBP te hersien en aan te pas.

'n SBP vir die hantering van navrae, klagtes en aanmeldings deur landsburgers wat deur die WKR se inbelsentrum ontvang word, is goedgekeur en geïmplementeer. Dit verseker dat versoeke om inligting, klagtes oor dienslewering en aanmeldings deur landsburgers oor kwessies wat hulle raak tydig hanteer word; dat kliëntevertroulikheid gehandhaaf word; en dat alle kliënterekords en reaksies daarop behoorlik beskerm word.

Ten opsigte van Verkrygingskettingbestuurproesse (VKB) het die Departement voortgegaan om strategiese verkryging te implementeer – 'n samewerkende en gestruktureerde proses wat besteding krities analiseer en die inligting gebruik om doeltreffende sakebesluite te neem oor die verkryging van kommoditeite en dienste – in reaksie op die NOP se gedifferensieerde benadering tot verkryging. Tesame met die hersiening van die Departement se VKB-struktuur en bondige riglyne vir die implementering daarvan, sal dit 'n doeltreffende, goed toegeruste VKB-stelsel verseker.

Die Sakekontinuiteitsplan vir die Departement se hoofkantoor, asook die sakekontinuiteitsplan rakende water vir die hele Departement, sal steeds geïmplementeer word en is belym met die Gebruikerbatesbestuursplan (GBBP).

Laastens sal die Departement voortgaan met die implementering van diensskedules as die meganisme om die Diensvlakooreenkoms (DVO) te operasionaliseer wat met die DvdP se Korporatiewedienstesentrum (KDS) aangegaan is. Die Departement sal ook voortgaan met die implementering en verfyning van SBP's vir sy eie diensskedules wat te make het met die hantering van tugprosedures, verlofbestuur en personeelwerwing en -keuring.

Menslikehulpbronbestuur

Indiensneming en vakatures

Die Departement is tans besig om die res van die befondsde vakante poste binne die goedgekeurde departementele organisatoriese struktuur te vul en het 37 maatskaplikewerkgegradueerdes op kontrak aangestel wat beurshouers van die nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (NDMO) was. Maatskaplikewerkgegradueerdes wat hulle beursverpligtinge nakom, maak die meerderheid uit van die poste wat bykomend tot die diensstaat gevul is. Die res is grootliks as gevolg van vorige herstruktureringprosesse wat daartoe gelei het dat nienuoosaaklike dienste soos skoonmaak- en sekuriteitsdienste uitbestee is.

Die Departement is ook besig om sy korporatiewe streekseenhede te hersien om die beskikbaarheid van voldoende ondersteuningspersoneel te verseker. Die hersiening sal gedurende die huidige boekjaar voltooi word.

Tabel 1: Indiensneming en vakatures per program

| Indiensneming en vakatures per program, soos op 5 November 2018 | | | | |
|---|--------------|-------------------|---------------|---|
| Program | Befonds | Getal poste gevul | Vakaturekoers | Getal poste bykomend tot die diensstaat gevul |
| Program 1: Administrasie | 454 | 385 | 15% | 56 |
| Program 2: Maatskaplikewelynsdienste | 1 045 | 1 009 | 3% | 37 |
| Program 3: Kinders en Gesinne | 74 | 66 | 11% | 3 |
| Program 4: Herstellende Dienste | 641 | 557 | 13% | 28 |
| Program 5: Ontwikkeling en Navorsing | 46 | 29 | 50% | 2 |
| Grooftotaal | 2 260 | 2 046 | 9% | 126 |

Tabel 2: Indiensneming en vakatures per salarisband

| Indiensneming en vakatures per salarisband, soos op 5 November 2018 | | | | |
|---|--------------|-------------------|---------------|---|
| Salarisbande | Befonds | Getal poste gevul | Vakaturekoers | Getal poste bykomend tot die diensstaat gevul |
| Laer geskool (vlak 1–2) | 34 | 16 | 59% | 2 |
| Geskool (vlak 3–5) | 784 | 658 | 16% | 31 |
| Hoogs geskool: Produksie (vlak 6–8) | 1 059 | 980 | 7% | 80 |
| Hoogs geskool: Toesighouding (vlak 9–12) | 358 | 368 | 2% | 13 |
| Senior bestuur (vlak 13–16) | 25 | 24 | 4% | 0 |
| Grooftotaal | 2 260 | 2 046 | 9% | 126 |

Personeelopleiding

Die Departement sal gedurende die 2019/20-boekjaar 'n aantal geleenthede vir opleiding en ontwikkeling implementeer om die leemtes in sy arbeidsmag rakende vaardighede die hoof te bied. Dit sluit opleiding oor die volgende in: oriënteringsgids vir maatskaplike werkers as kinderbeskermingsbeamptes; HIRA; brandbestryding; vloerbeamptes; noodhulp (vlak 1 en 2); gevorderde nutsmanvaardighede; inleiding tot SAMTRACK; veiligheidsverteenwoordigers; bevoegdheidsassessering salarisvlak 9–10; gebaretaal; basiese Xhosa; POPIA; program vir onderwys, opleiding en ontwikkeling; trauma- en sterfteberading; PAJA; PAIA; speltherapie; Kinderwet; veiligheidsrisiko-assessering (SRAT); oriënteringsprogram; mentorskap en afrigting; kindertrauma; etiek; sekuriteitsbewustheid; bedrogbewustheid; risikobestuur; PSIRA; seksuele teistering vir seksuele teisteringsbeamptes; bemiddeling; traumaberading en -ontlading; rekenaargeletterdheid; bestuurderslisensies (vir maatskaplike werkers); psigososiale ondersteuning; BAS; PERSAL; en verskeie ander gebaseer op die opleidingsbehoefte wat deur personeellede en hul toesighouers/bestuurders geïdentifiseer is.

Die Departement het 50 nuwe beurse aan personeellede in gespesialiseerde velde toegeken, waar 'n leemte in vaardighede bestaan, naamlik finansiële rekeningkunde, verkrygingskettingsbestuur, proefdienste, verslawingsorg, kinder- en gesinstudies, sowel as forensiese en kliniese maatskaplike werk. Daar is ook 23 beurse vir verslawingsorg aan eksterne mense buite die Departement toegeken om die beskikbaarheid van gekwalifiseerde beroepslui op hierdie gebied te versterk. Die kapasiteit van die Departement se toesighouer-arbeidsmag (salarisvlak 9–10) sal ook aandag geniet. Die eerste fase van hierdie proses behels bevoegdheidsassessering wat die Departement in staat sal stel om die beamptes se opleidingsbehoefte te identifiseer. Daarna sal geteikende opleidingsintervensies op grond van hul individuele behoeftes geïmplementeer word.

Die verskaffing van opleidingsgeleenthede moet nooit onderskat word nie, aangesien kapasiteitsbou-intervensies help om vaardighede op te skerp en tot 'n verbetering in die gehalte van dienslewering lei.

Medewerking en vennootskappe

Ten einde geïntegreerde en toeganklike dienslewering te verseker, het die Departement intersektorale en interregeringsvennootskappe, memoranda van verstandhouding (MvV) en DVO's met ander regeringsdepartemente, munisipaliteite en privaatsektor-vennote aangegaan. Sien asseblief bylae F vir meer besonderhede.

Tegnologiese omgewing

Om te verseker dat die Departement sy dienste na behore teiken, word tegnologie in verband met geografiese inligtingstelsels (GIS) gebruik om kliëntebevolking (en toekomstige bevolking op grond van geprojekeerde data) te karteer teenoor huidige dienslewering en 'n sosio-ekonomiese indeks. Laasgenoemde is 'n aanduiding wat gebruik word om die potensiele teikenbevolking met die grootste behoefte te identifiseer. Die ruimtelike ontleding dui aan of departementele diensleweringshulpbronne gepas binne die dekkingsgebied van die geteikende bevolking ontplooi word. Ruimtelike betekening is belangriker in 'n ekonomiese klimaat wat gekenmerk word deur toenemende begrotingsdruk op die voorsiening van statutêre dienste. Hierdie inligting is ingesluit by gesamentlike beplanningsprosesse met plaaslike owerhede. Die Departement het ook 'n aaneenlopende projek om diensleweringdekkings (insluitend befondsde OSW-dienste) omvattend in die provinsie op die vlak van diensleweringgebiede (DLG) aan te pas, om die vraag na dienste en leemtes in dienslewering duidelik te definieer en om te begryp watter dienste geprioritiseer moet word ten einde te kan besluit tussen kompeterende behoeftes en prioriteitsgebiede.

IT-stelsels speel 'n belangrike rol in die doeltreffende werking van die Departement. Derhalwe gaan die Departement voort om te verseker dat IKT-bestuurstelsels en administratiewe prosesse en prosedures in werking en operasioneel is. Tweemaandelikse vergaderings van die IT-bestuurskomitee verseker dat die Departement se toekenningsproses vir IKT-toerusting, -sagteware en -dienste voldoen aan WKR-standaarde, en dat sy verkryging- en

wegdoeningsprosesse voldoen aan die Wet op die Staatsagentskap vir Inligtingstechnologie, 1998 (Wet 88 van 1998), soos gewysig deur die SITA-wet, 2002 (Wet 38 van 2002), die WKR se IKT-standaard en die Departement se goedgekeurde verkryging- en wegdoeningsbeleid en -prosedures.

Die departementele IKT-beleid is hersien en sal gedurende 2019/20 geïmplementeer word, wat sodoende sal verseker dat amptenare op 'n doeltreffende manier toegang kan verkry tot die IKT-toerusting en -dienste wat vir doeltreffende dienslewering benodig word. Die Strategiese IKT-plan word jaarliks hersien en die departementele IKT-rampherstelplan is gedurende 2018 goedgekeur en getoets. Die toetsplan sal op 'n jaarlikse grondslag bygewerk word. Dit sal die kontinuïteit van IKT-dienste binne die Departement verseker.


Ondersteuning rakende stelseladministrasie sal steeds verskaf word met betrekking tot nasionale IKT-stelsels soos SBP en die Register van Mishandelde Ouer Persone (VEPOP), die Bestuurstelsel vir Proefgevalle (PCM), die Kinderbeskermingsregister (CPR) en Kinder- en Jeugsorgaansoeke (CYCA); asook provinsiewyd in verband met die Elektroniese Inhoudsbestuurstelsel (ECM).

Die toetsing en implementering van 'n departementele OSW-bestuurstelsel is steeds 'n prioriteit vir die komende jaar. Stelselontwikkeling is voltooi, maar is nog nie ten volle geïmplementeer nie. Die stelsel verskaf 'n sentrale punt met betrekking tot beide befondsde en onbefondsde OSW's, en verminder duplisering wat deur die huidige handstelsel veroorsaak word, aangesien dit talle MS Excel-gebaseerde verslae en databasisse vervang wat tans gebruik word vir OSW-verslagdoening en -nakomingskontrolering. Die stelsel sal oordragbetalings van befondsing aan OSW's meer doeltreffend maak deur die nakomingskontrolering van betalingsdokumente, soos goedgekeurde OSW-verslae, finansiële state en OBO's, te outomatiseer. Daarbenewens sal bestuursinligting wat verband hou met die verspreiding van befondsde dienste en die ligging van kwesbare groepe die Departement beter in staat stel om getekende dienste te lewer. Die voorsiening deur DSDA via die Tirelo Boscha-befondsinginstrument van 'n bykomende toekenning het die Departement in staat gestel om die funksionaliteit van die OSW-bestuurstelsel gedurende 2018/19 uit te brei en om die volgende fases te inkorporeer, wat gedurende 2019/20 en 2020/21 getoets en geïmplementeer sal word:

- BAS-koppelvlak en -betalingsrekonsiliasie (verbetering van die huidige betalingsmodule);
- Aansoek om befondsing en assessering van aansoeke (nuwe module);
- Monitering en evaluering (nuwe module);
- Prestasiebestuur (nuwe module);
- Integrasie met ander stelsels (GIS, MyContent) (verbetering van huidige modules); en
- VKO-gerigte inligting en verslagdoening (verbetering van die OSW-databasis vir VKO's).

Die Departement sal voortgaan met besparingsmaatreëls in die tegnologiese omgewing, soos om sy IKT-hernuwingsplan van vyf na ses jaar te verleng en die bespoediging van stem-oor-internet-protokol- (VOIP-)gebaseerde telekommunikasiedienste, waar kantore aan die WKR se breëbandnetwerk gekoppel is. VOIP-telekommunikasiedienste sal oor die lang termyn aansienlike besparings meebring. "Skype for Business" sal in gebruik geneem word waar kantore oorgeskakel is na Microsoft Office 365. Dit sal verafgeleë kantore in staat stel om toesighouers en bestuurders "van aangesig tot aangesig" te ontmoet sonder dat lang afstande gereis moet word, wat tyd en vervoerkoste sal bespaar.

5.3 Organisasoriese struktuur



* Unfunded.

5.4 Beskrywing van die strategiese beplanningsproses

Die strategiese beplanningsverslag is gesteun deur 'n ontleding van die nasionale uitkomste en prioriteite soos vervat in die NOP, MTSR-uitkomste, provinsiale prioriteite en die PSD's, en is aan die hand van die volgende proses ontwikkel:

- Interne herprioritiseringsprosesse is onderneem en meegaande aanpassings en risikoversagtingsmaatreëls is ontwikkel, waar nodig;
- Deelname aan 'n strategiese sektorbeplanningsessie van die nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (NDMO) wat sektorprestasie oor die periode van 2014–2019 oorweeg het, die ontleding van provinsiale jaarlikse prestasieplanne en konsolidasie van die prioriteite vir 2018 van die Forum van Ministers en Lede van Uitvoerende Rade (MINMEC), sowel as 'n provinsiale beplanningsessie wat die vordering met die PSD's vir dieselfde periode oorweeg het;
- Die Departement het ook beplanningwerksessies met bestuurspersoneel van sy program-, streeks- en dienslewingsgebiede gehou en voorbereidingsdokumente is voorsien as 'n riglyn vir insette in die volgende fokusgebiede, naamlik belyning ten opsigte van departementele en programmandate, en veranderinge in die dienslewingsomgewing;
- Leemtes in streeks- en plaaslike dienslewingsgebiede, asook prioriteite en voorleggings vir strategiese beplanning oor die MTUR heen, is geïdentifiseer. 'n Assessering word tans onderneem ten opsigte van die mate waarin huidige beleidsreaksies die uitdagings mitigeer om hierdie transversale streeksprioriteite die hoof te bied;
- Prestasie- en begrotingshersieningstendense oor die afgelope MTUR-periode binne die konteks van programprioriteite en besluite ten opsigte van herprioritiserings; en
- Ontwikkeling van aanwysers en teikens sowel as aanpassings aan die beskrywings van die tegniese aanwysers waar toepaslik.

5.5 Belyning van die departementele mandate

Belyning met die tersaaklike hoofstukke van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP), uitkomst van die Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk (MTR), EenKaap2040 en Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD), Spelwisselaar (Game Changer)

| NOP 2030-uitkomst | MTR 2019-uitkomst | EenKaap2040 | Provinsiale Strategiese Doelwitte | DMO se deelname aan Provinsiale Spelwisselaar | Departementele strategiese uitkomstgeoriënteerde doelwitte | Begrotingsprogram-struktuur |
|--|---|--|---|---|---|---|
| <p>NOP 2030-uitkomst</p> <p>Om 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat te bou.</p> <p>Om korrupsie te beveg.</p> | <p>MTR 2019-uitkomst</p> <p>'n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens.</p> | <p>EenKaap2040</p> <p>Leidende Kaap: Lei wêreldklas-, diensgeoriënteerde lewering.</p> | <p>Provinsiale Strategiese Doelwitte</p> <p>Vestig goeie bestuursoorsig en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning.</p> | <p>DMO se deelname aan Provinsiale Spelwisselaar</p> <p>-</p> | <p>Departementele strategiese uitkomstgeoriënteerde doelwitte</p> <p>Verbeter korporatiewe bestuur.</p> | <p>Begrotingsprogram-struktuur</p> <p>Program 1: Administrasie Doel: Verskaf strategiese bestuur en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die Departement – hoofkantoor, streekskantoor, plaaslike kantoor en fasiliteit.</p> |
| <p>Maatskaplike beskerming.</p> <p>Gesondheidsorg vir almal.</p> <p>Om veiliger gemeenskappe te bou.</p> <p>Nasiebou en sosiale kohesie.</p> | <p>'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike-beskermtingsfelse.</p> <p>'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners.</p> <p>Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig.</p> <p>Om die samelewing te transformeer en die land te verenig.</p> | <p>Konnekerende Kaap: Eiken en span die potensiaal van vennootskappe in.</p> <p>Ondernemende Kaap: Kataliseer werk deur indiensnemingsprogramme in die openbare sektor en fasiliteer die skep van maatskaplike ondernemings.</p> <p>Lewende Kaap: Verander die fokus op</p> | <p>Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder.</p> | <p>-</p> | <p>Versterk maatskaplike funksionering van arm en kwesbare mense deur maatskaplike-welnsdienste.</p> | <p>Program 2: Maatskaplike-welnsdienste Doel: Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplike-welnsdienste aan armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.</p> |

| NOP 2030-uitkoms | MTSR 2019-uitkoms | EenKaap2040 | Provinsiale Strategiese Doelwitte | DMO se deelname aan Provinsiale Spelwisselaar | Departementele strategieë uitkomsgeoriënteerde doelwitte | Begrotingsprogram-struktuur |
|---|---|---|--|---|---|--|
| Maatskaplike beskerming. Gesondheidsorg vir almal. Om veiliger gemeenskappe te bou. Nasiebou en sosiale kohesie. Om onderwys, opleiding en innovasie te verbeter. | 'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike-beskermingstelsel. 'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikanners. Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig. Om die samelewing te transformeer en die land te verenig. Verbeterde gehalte van basiese onderwys. | behuisung na 'n fokus op dienste, gemeenskaps-infrastruktuur en openbare vervoer. Konnekerende Kaap: Eken en span die potensiaal van vennootskappe in. Opvoedende Kaap: Bestuur 'n doeltreffende en doelmatige onderwysstelsel van wêreldstandaard. Fasiliteer 'n medewerkende innoveringstelsel. Lewende Kaap: Verander die fokus op behuisung na 'n fokus op dienste, gemeenskaps-infrastruktuur en openbare vervoer. | Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder. Verbeter onderwys-uitkoms en geleentheid vir jeugontwikkeling. | Uitbreiding van gehalte- naskoolse aktiwiteite: Gereelde en volgehoue deelname aan naskoolse aktiwiteite wat tot positiewe jeugontwikkeling bydra. | Omvattende kinder-, gesinsorg- en ondersteuningsdienste om die regte van kinders te beskerm en maatskaplike welstand te bevorder. | Program 3: Kinders en Gesinne Doel: Verskaf omvattende kinder-, gesinsorg- en ondersteuningsdienste aan gemeenskappe in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies. |
| Maatskaplike beskerming. Gesondheidsorg vir almal. | 'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike-beskermingstelsel. | Konnekerende Kaap: Eken en span die potensiaal van vennootskappe in. Lewende Kaap: | Verbeter welstand en veiligheid, en maak werk van maatskaplike euwels. | Maak werk van maatskaplike euwels deur omvattende voorkoming- en rehabilitasie- | | Program 4: Herstelende Dienste Doel: Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte |

| NOP 2030-uitkomst | MTSR 2019-uitkomst | EenKaap2040 | Provinsiale Strategiese Doelwitte | DMO se deelname aan Provinsiale Spelwisselaar | Departementele strategie uitkomstgeïntegreerde doelwitte | Begrotingsprogram-struktuur |
|--|--|---|--|---|---|---|
| <p>Om veiliger gemeenskappe te bou.</p> <p>Nasiebou en sosiale kohesie.</p> | <p>'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikans.</p> <p>Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig.</p> <p>Om die samelewing te transformeer en die land te verenig.</p> | <p>Verander die fokus op behuising na 'n fokus op dienste, gemeenskapsinfrastruktuur en openbare vervoer.</p> | | | <p>programme rakende misdaad en middelmisbruik verskaf.</p> | <p>voorkomingsdienste rakende maatskaplike misdaad en dienste teen middelmisbruik aan die mees kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.</p> |
| <p>Om 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat te bou.</p> <p>Maatskaplike beskerming.</p> <p>Nasiebou en sosiale kohesie.</p> <p>Omgewingsvolhoubaarheid en -veerkragtigheid.</p> <p>Ekonomie en indiensneming.</p> | <p>'n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens.</p> <p>Menswaardige indiensneming deur inklusiewe ekonomiese groei.</p> <p>'n Vaardige en bekwame arbeidsmag om 'n inklusiewe groeipad te ondersteun.</p> <p>Omvattende landelike ontwikkeling.</p> | <p>Opvoedende Kaap:</p> <p>Bestuur 'n doeltreffende en doelmatige onderwysstelsel van wêreldstandaard.</p> <p>Fasiliteer 'n medewerkende innoveringstelsel.</p> <p>Ondernemende Kaap:</p> <p>Kataliseer werk deur indiensnemingsprogramme in die openbare sektor en fasiliteer die skep van maatskaplike ondernemings.</p> <p>Konnekteerende Kaap:</p> <p>Erken en span die potensiaal van vennootskappe in.</p> | <p>Skep geleentheid vir groei en werk.</p> <p>Verbeter onderwysuitkomst en geleentheid vir jeugontwikkeling.</p> | <p>-</p> | <p>Skep geleentheid deur gemeenskapsontwikkelingsdienste.</p> | <p>Program 5: Ontwikkeling en Navorsing</p> <p>Doel: Verskaf volhoubare ontwikkelingsprogramme wat die bemagting van gemeenskappe fasiliteer, gegrond op empiriese navorsing en demografiese inligting.</p> |

6. Departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte

| | |
|---|---|
| Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 1 | Verbeterde korporatiewe bestuur |
| | Doelwitverklaring: Die Departement implementeer doeltreffende en doelmatige sakeprosesse, met inbegrip van navorsing, beplanning, kennis en prestasiebestuur, en verbeter sodoende sy prestasie in die maatskaplike sektor. |
| | Regverdiging: Om die integriteit van sakeprosesse te verhoog aan die hand van deursigtige, inklusiewe besluitneming en gefokusde implementering gegrond op maatskaplike navorsing, sowel as monitering en verslagdoening. Sakeprosesse, stelsels en die organisatoriese strukture sal meer doeltreffend en doelmatig gemaak word ten einde die verbetering van dienslewering ter wille van almal in die provinsie op te skerp. |
| | Skakels: Hierdie doelwit sluit aan by PSD 5: "Vestig goeie bestuursoorsig en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning". Dit hou verder ook ten nouste verband met die NOP 2030-uitkomste: "Om 'n bewame en ontwikkelingsgerigte staat te bou" en "Om korrupsie te beveg", asook die MTSR 2019-uitkomste: "'n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens". |
| Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 2 | Versterk maatskaplike funksionering van arm en kwesbare mense deur maatskaplikewelsynsdienste |
| | Doelwitverklaring: Versterk maatskaplike funksionering van arm en kwesbare mense deur gepaste ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsintervensies, wat individue en gesinne ondersteun en versterk, in vennootskap met belanghebbendes. |
| | Regverdiging: Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan alle kwesbare individue en groepe te lewer met spesifieke verwysing na persone met gestremdhede, ouer persone en diegene wat uitermatige ontberings beleef. |
| | Skakels: Hierdie doelwit sluit aan by PSD 3: "Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder". Dit hou ook verband met Nasionale Uitkomste 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners", Nasionale Uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld" en Nasionale Uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel". |

| | |
|---|---|
| Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 3 | Omvattende kinder-, gesinsorg- en ondersteuningsdienste om die regte van kinders te beskerm en maatskaplike welstand te bevorder |
| | Doelwitverklaring: Gepaste kinder-, gesinsorg- en ondersteuningsdienste en -intervensies wat die ontwikkeling van kinders en gesinne beskerm, ondersteun en fasiliteer, in vennootskap met belanghebbendes. |
| | Regverdiging: Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan alle kwesbare kinders en groepe te lewer om die gesinstruktuur te behou. |
| | Skakels: Hierdie doelwit sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling" en PSD 3: "Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder" en is met die Wes-Kaapse Naskoolse Spelwisselaar belyn. Verder hou dit ook verband met Nasionale Uitkomste 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners", Nasionale Uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld" en Nasionale Uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel". |
| Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 4 | Maak werk van maatskaplike euwels deur omvattende voorkoming- en rehabilitasieprogramme rakende misdaad en middelmisbruik te verskaf |
| | Doelwitverklaring: Verminder maatskaplike euwels deur die voorsiening van maatskaplikemisdadvoorkoming- en proefdienste, sowel as dienste teen middelmisbruik wat risikofaktore verlaag en verantwoordelike, veerkragtige en produktiewe lede van die samelewing ontwikkel. |
| | Regverdiging: Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van gespesialiseerde proefdienste te bied aan persone in botsing met die gereg, sowel as aan hul slagoffers, ten einde hul weerstand teen risikofaktore rakende maatskaplike misdaad te versterk. |
| | Skakels: Hierdie doelwit sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling" en PSD 3: "Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder" en is met die Wes-Kaapse Spelwisselaar vir Alkoholverwante Skadevermindering belyn. Verder hou dit ook verband met Nasionale Uitkomste 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners", Nasionale Uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld" en Nasionale Uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel". |

| | |
|---|---|
| Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 5 | Skep geleenthede deur gemeenskapontwikkelingsdienste |
| | Doelwitverklaring: Skep geleenthede vir individue en gemeenskappe om verhoogde maatskaplike en ekonomiese bemagtiging en veerkragtigheid te ontwikkel gegrond op empiriese navorsing. |
| | Regverdiging: Hierdie program het ten doel om maatskaplike insluiting te bevorder en armoede te verminder deur toegang tot volhoubare gemeenskapontwikkelingsprogramme te bied om geleenthede vir almal te skep om selfonderhoudend te word. |
| | Skakels: Hierdie doelwit sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling", PSD 3: "Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder" en PSD 5: "Vestig goeie bestuursoorsig en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning". Hierdie doelwit sluit aan by Nasionale Uitkomste 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld" en Nasionale Uitkomste 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel". |

Let wel: Die aanwysers vir die strategiese doelwitte en die meegaande beskrywings van daardie aanwysers word weergegee in bylae B: Tabelle met beskrywings van tegniese aanwysers.

7. Oorsig van 2019/20-begroting en MTUR-beramings

7.1 Uitgaweberamings

Opsomming van betalings en beramings

| Program R'000 | Uitkomste | | | Hoofbegroting | Aangesuiwerde begroting | Hersiene beraming | Mediumtermynberaming | | | %- verandering vanaf hersiene beraming |
|--------------------------------------|--------------------|--------------------|--------------------|------------------|----------------------------|----------------------|----------------------|------------------|------------------|--|
| | Geoudit 2015/16 | Geoudit 2016/17 | Geoudit 2017/18 | 2018/19 | 2018/19 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 | 2018/19 |
| 1. Administrasie | 174 273 | 185 987 | 199 785 | 217 894 | 221 611 | 221 611 | 232 067 | 246 291 | 262 032 | 4.72 |
| 2. Maatskaplikewysdienste | 719 877 | 768 382 | 844 071 | 896 905 | 896 017 | 896 017 | 1 002 627 | 1 081 084 | 1 148 866 | 11.90 |
| 3. Kinders en Gesinne | 601 064 | 611 241 | 649 911 | 694 273 | 694 783 | 694 783 | 753 835 | 791 781 | 827 237 | 8.50 |
| 4. Herstellende Dienste | 318 985 | 344 612 | 351 578 | 386 697 | 385 265 | 385 265 | 415 238 | 445 416 | 472 757 | 7.78 |
| 5. Ontwikkeling en Navorsing | 77 873 | 49 771 | 58 772 | 45 895 | 49 116 | 49 116 | 60 612 | 63 917 | 67 901 | 23.41 |
| Totale betalings en beramings | 1 892 072 | 1 959 993 | 2 104 117 | 2 241 664 | 2 246 792 | 2 246 792 | 2 464 379 | 2 628 489 | 2 778 793 | 9.68 |

Opsomming van betalings en beramings volgens ekonomiese klassifikasie

| Ekonomiese klassifikasie R'000 | Uitkomste | | | Hoofbegroting | Aangesuiwerde begroting | Hersiene beraming | Mediumtermynberaming | | | %- verandering vanaf hersiene beraming |
|--|--------------------|--------------------|--------------------|------------------|----------------------------|----------------------|----------------------|------------------|------------------|--|
| | Geoudit 2015/16 | Geoudit 2016/17 | Geoudit 2017/18 | 2018/19 | 2018/19 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 | 2018/19 |
| Lopende betalings | 800 018 | 873 204 | 922 749 | 1 008 803 | 1 009 200 | 1 008 932 | 1 129 499 | 1 208 979 | 1 276 314 | 11.95 |
| Vergoeding van werknemers | 620 270 | 678 650 | 737 386 | 812 267 | 810 964 | 810 692 | 890 964 | 955 794 | 1 012 019 | 9.90 |
| Goedere en dienste | 179 748 | 194 554 | 185 363 | 196 536 | 198 236 | 198 240 | 238 535 | 253 185 | 264 295 | 20.33 |
| Oordragte en subsidies aan | 1 063 154 | 1 057 639 | 1 146 960 | 1 198 476 | 1 202 823 | 1 203 091 | 1 296 362 | 1 379 012 | 1 459 688 | 7.75 |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 32 | 33 | 28 | 21 | 21 | 21 | 21 | 26 | 26 | |
| Instellings sonder winsoogmerk | 1 052 555 | 1 047 132 | 1 136 307 | 1 189 876 | 1 193 909 | 1 193 905 | 1 287 188 | 1 369 363 | 1 449 582 | 7.81 |
| Huishoudings | 10 567 | 10 474 | 10 625 | 8 579 | 8 893 | 9 165 | 9 153 | 9 623 | 10 080 | (0.13) |
| Betalings vir kapitaalbate | 27 779 | 27 913 | 33 308 | 34 385 | 33 884 | 33 884 | 38 518 | 40 498 | 42 791 | 13.68 |
| Geboue en ander vaste strukture | | | | | | | | | | |
| Masjinerie en toerusting | 27 766 | 27 913 | 33 293 | 34 385 | 33 884 | 33 884 | 38 518 | 40 498 | 42 791 | 13.68 |
| Sagteware en ander ontasbare bate | 13 | | 15 | | | | | | | |
| Betalings vir finansiële bate | 1 121 | 1 237 | 1 100 | | 885 | 885 | | | | (100.00) |
| Totale ekonomiese klassifikasie | 1 892 072 | 1 959 993 | 2 104 117 | 2 241 664 | 2 246 792 | 2 246 792 | 2 464 379 | 2 628 489 | 2 778 793 | 9.68 |

Verband tussen bestedingstendense en strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte

Die Departement het sy prioriteite belyn met die nasionale uitkomste en die PSD's, met die toewysing van fondse aan dienslewering op die prioriteitsgebiede van kindersorg en - beskerming, ouer persone, persone met gestremdhede, dienste rakende middelmisbruik en jeugontwikkeling. Ons is daarop gemik om ons verhoogde statutêre verpligtinge na te kom, wat voortspruit uit die promulgering en implementering van wetgewing, waaronder die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, 2008 (Wet 70 van 2008), die Kinderwet, die Wet op Kindergeregtigheid, en die Wet op Ouer Persone, 2006 (Wet 13 van 2006).

Begrotingsbesluite

Die volgende begrotingsbesluite wat verband hou met beleidsprioriteite het die Departement se prioriseringsproses beïnvloed:

| Begrotingsbesluite | Belangrike begroting- en dienslewingsrisiko's | Risikoversagting |
|---|--|---|
| Nakoming van statutêre verpligtinge ingevolge die Grondwet en ander tersaaklike wetgewing | <ul style="list-style-type: none"> Litigasie waar die Departement nie in staat is om sy statutêre mandate ten volle na te kom nie. | <ul style="list-style-type: none"> Versekering van dienslewingsverbeterings deur standaardisering. |
| Realisering van waarde vir geld uit die oordragbegroting sonder om lewensvatbaarheid van OSW's te kompromitteer | <ul style="list-style-type: none"> Onvermoë van OSW's om nakoming van norme, standaarde en wetgewing te verseker, en beëindiging of afskaling van hul statutêre werksaamhede. Vermindering in dienslewingsdekking. | <ul style="list-style-type: none"> Verhogings in OSW-eenheidskoste en subsidiebefondsing vir poste vir maatskaplike werkers, maatskaplikewerksupervisors en maatskaplikehulpwerkers, asook administrasie. DMO neem die diens oor waar OSW's nie dienste kan lewer nie, met bykomende departementele poste gevul vir maatskaplike werkers. 30 bykomende beddens is toegewys aan Sivuyile, die Departement se fasiliteit vir kinders met uitdagende gedrag. Instelling van praktyke en beleide rakende befondsingstoekenningsproses, omsigtighedsondersoeke van OSW's voor befondsingstoekenning, en deurlopende monitering en evaluering van OSW's se dienste. |
| Vestiging en instandhouding van dienslewingskantore by gepaste en geskikte persele | <ul style="list-style-type: none"> Verminderde infrastruktuurvoetspoor wat lei tot toename in vervoer- en gepaardgaande koste van dienslewering. | <ul style="list-style-type: none"> Ooreengekome instandhouding- en kapitaalprojekte met die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW), asook maandelikse projekvergaderings. |
| Verbeterde sekuriteitsmaatreëls vir personeel | <ul style="list-style-type: none"> Veiligheid van personeel wat dienste in hoërisikogebiede lewer. | <ul style="list-style-type: none"> Sekuriteitskontrakte vir alle dienspunte en deurlopende monitering om te verseker dat die gelewerde sekuriteitsdienste |

| Begrotingsbesluite | Belangrike begroting- en dienslewingsrisiko's | Risikoversagting |
|---|---|---|
| | | <p>belyn is met die risikogradering van elke geografiese gebied.</p> <ul style="list-style-type: none"> ● Medewerking met belanghebbendes soos SAPD, Departement van Justisie en plaaslike gemeenskappe in elke streek. |
| VKO en gedeeltelike sorg | <ul style="list-style-type: none"> ● VKO-registrasie wat verval en dus kan VKO nie kwalifiseer vir subsidies vir eenheidskoste nie. ● Litigasie waar die Departement nie sy mandaat kan vervul nie. | <ul style="list-style-type: none"> ● Subsidies vir eenheidskoste vir VKO en NSS is verhoog. ● Sentralisering van registrasie van VKO-fasiliteit. ● Handhawing van fase 2 van die PSD 2-/VKO-projek. |
| Geïntegreerde Isibindi-program en uitbreiding daarvan (sorg en dienste vir gesinne) | <ul style="list-style-type: none"> ● Vermindering van kinderbeskermingsdienste weens sluiting van OSW. | <ul style="list-style-type: none"> ● Die program brei die netwerk van kindersorg-en-beskermingsdienste uit deur die integrasie van instap- en naskoolse sentrums, die Oog-op-die-Kind-program, afwentelingsprogramme en die opleiding van kinder- en jeugsorgwerkers. Dit bied dus bykomende ondersteuning vir bestaande kinderbeskermingsmaatreëls. |
| Slagofferbemaagtiging | <ul style="list-style-type: none"> ● Beperkte toegang tot dienste vir slagoffers van mensehandel, mishandelde vroue en hul kinders. | <ul style="list-style-type: none"> ● Verhoging van subsidies vir eenheidskoste rakende bedspasie in skuilings vir mishandelde vroue, opgradering van sekuriteit, en verskaffing van vaardigheidsontwikkeling en werksgeleenthede. |
| IKT-instandhouding en -ontwikkeling | <ul style="list-style-type: none"> ● Veroudering van eindgebruikertoerusting. ● Onvermoë om werksvloei vir unieke departementele sakebehoefte te ontwikkel. | <ul style="list-style-type: none"> ● Verlenging van rekenaarthemuwingsplan van vyf na ses jaar. ● Prioritiserings van ontwikkeling van kritieke stelsels/werksvloei. |

Deel B: Strategiese doelwitte en program-inligting

Hierdie deel van die JPP word gebruik om prestasieteikens vir die komende begrotingsjaar en vir die duur van die MTUR-periode te stel vir elk van die strategiese doelwitte wat in deel B van die Strategiese Plan geïdentifiseer is. Prestasie-aanwysers wat die evaluering van die oorhoofse prestasie van elke program sal fasiliteer, word ook ingesluit.

Die tabel hieronder verteenwoordig die begrotingsprogramstruktuur.

Begrotingsprogramstruktuur 2019/20

| Program | Subprogram |
|--------------------------------|---|
| 1. Administrasie | 1.1 Kantoor van die LUR 1.2 Korporatiewe bestuursdienste 1.3 Distriksbestuur |
| 2. Maatskaplike-welsynsdienste | 2.1 Bestuur en ondersteuning 2.2 Dienste vir ouer persone 2.3 Dienste vir persone met gestremdhede 2.4 MIV en VIGS 2.5 Maatskaplike noodleniging |
| 3. Kinders en Gesinne | 3.1 Bestuur en ondersteuning 3.2 Sorg en dienste vir gesinne 3.3 Kindersorg en-beskerming 3.4 VKO en gedeeltelike sorg 3.5 Kinder-en jeugsorgsentrums 3.6 Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste vir kinders |
| 4. Herstellende Dienste | 4.1 Bestuur en ondersteuning 4.2 Misdaadvoorkoming en ondersteuning 4.3 Slagofferbemaatrigting 4.4 Middelmisbruik, voorkoming en rehabilitasie |
| 5. Ontwikkeling en Navorsing | 5.1 Bestuur en ondersteuning 5.2 Gemeenskapsmobilisering 5.3 Institusionele kapasiteitsbou en ondersteuning vir OSW's 5.4 Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan 5.5 Gemeenskapsgebaseerde navorsing en beplanning 5.6 Jeugontwikkeling 5.7 Vroue-ontwikkeling 5.8 Bevordering van bevolkingsbeleid |

8. Program 1: Administrasie

Doel van die program

Hierdie program omvat die strategiese bestuur- en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die Departement, d.w.s. provinsiale, streeks-, distrik- en fasiliteits-/institusionele vlak.

Let wel: Die Korporatiewedienstenentrum wat in die Departement van die Premier gesetel is, verskaf ondersteuningsdienste vir menslikehulpbronbestuur aan die Departement.

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

Subprogram 1.1 Kantoor van die LUR

Doel van subprogram

Verskaf 'n politieke en wetgewende koppelvlak tussen die regering, burgerlike samelewing en alle ander tersaaklike belanghebbendes.

Subprogram 1.2 Korporatiewe bestuursdienste

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die strategiese leiding en die oorhoofse bestuur en administrasie van die Departement.

Programfokus

Gedurende hierdie boekjaar gaan program 1 op die volgende strategiese gebiede fokus:

- Die implementering van die Departement se organisatoriese struktuur en organisatoriese herontwerpproses om die kapasiteit vir dienslewering en prestasiemonitering te verbeter;
- Om die kapasiteit van personeel steelselmatig op te bou deur middel van geteikende opleidingsintervensies gegrond op die behoeftes van beide die Departement en individuele personeellede; en
- Die verbetering van bestuurspraktyke binne die Departement ten einde 'n ongekwalifiseerde, skoon ouditstatus ten opsigte van finansiële bestuur en voorafbepaalde doelwitte te handhaaf.

Stratetiese doelwit

| | |
|----------------------------|--|
| Stratetiese doelwit | Om stratetiese ondersteuningsdienste te voorsien ten einde goeie bestuur en dienslewering van gehalte te bevorder. |
| Doelwitverklaring | Om stratetiese ondersteuningsdienste te voorsien ten einde goeie bestuur en dienslewering van gehalte teen Maart 2020 te bevorder. |
| Basislyn | Basislyn: Skoon oudit. |
| Regverdiging | Om die WKR se doeltreffendheid ten opsigte van verbeterde dienslewering te versterk. |
| Skakels | Hierdie doelwit sluit aan by PSD 5: "Vestig goeie bestuursoorsig en geïntegreerde dienslewering deur middel van vennootskappe en ruimtelike beynliging" en departementele Stratetiese Doelwit 1: "Verbetere korporatiewe bestuur". Dit hou verder ook ten nouste verband met die NOP 2030-uitkomst: "Om 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat te bou" en "Om korrupsie te beveg", asook die MTSR 2019-uitkomst: " 'n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens". |

| 1.2.1 Stratetiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir stratetiese doelwit | Teiken volgens Stratetiese Plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | | Beraamde prestasie 2018/19 | Mediumtermyn-teikens | | |
|--|--|--|---------------------------------|-------------|-------------|-------------|--|--|--|--|
| | | | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18 | 2019/20 | | 2020/21 | 2021/22 | |
| Om stratetiese ondersteuningsdienste te voorsien ten einde goeie bestuur en dienslewering van gehalte te bevorder. | OG se mening oor die geouditeerde finansiële state en verslag rakende die bruikbaarheid en gerapporteerde prestasie-inligting. | Ongekwalfiseerde ouditmening sonder beklemtoningsgevalle en geen wesenlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting. | Skoon oudit | Skoon oudit | Skoon oudit | Skoon oudit | Ongekwalfiseerde ouditmening sonder beklemtoningsgevalle en geen wesenlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting nie. | Ongekwalfiseerde ouditmening sonder beklemtoningsgevalle en geen wesenlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting nie. | Ongekwalfiseerde ouditmening sonder beklemtoningsgevalle en geen wesenlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting nie. | Ongekwalfiseerde ouditmening sonder beklemtoningsgevalle en geen wesenlike bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting nie. |

Programprestasie-aanwysers

| Programprestasie-aanwyser | Geouditeerde /Werklike prestasie | | | | Beraamde prestasie 2018/19 | Mediumtermynreikens | | |
|---------------------------|----------------------------------|---------|---------|---------------|----------------------------|---------------------|---------|----|
| | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18 | 2019/20 | | 2020/21 | 2021/22 | |
| 1.2.1.1 | 25 | 25 | 25 | 25 | 25 | 29 | 29 | 29 |
| 1.2.1.2 | 20 | 20 | 24 | 20 | 20 | 20 | 20 | 20 |
| 1.2.1.3 | 3.5 | 4 | 4 | 4 | 4 | | | |
| 1.2.1.4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | | | |
| 1.2.1.5 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | | | |
| 1.2.1.6 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | | | |
| 1.2.1.7 | | | | Nuwe aanwyser | 3 | | | |
| 1.2.1.8 | | | | Nuwe aanwyser | 3 | | | |

¹² Die DBME het in Januarie 2019 die gebruik van die Bestuursprestasie-assesseeringsinstrument (BPAI) as 'n nakomingsinstrument gestak. Die Departement is deur die DvaP ingelig dat die BPAI-standaarde wat as aanwysers vir prestasie in program 1 gebruik is in die 2019/20 JPP weergegee moet word, alhoewel geen reikens ten opsigte van hierdie aanwysers gestel moet word nie.

Kwartaalike ontleding

| Programprestasie-aanwyser | PSD-SKAKELS | Verslagdoenings- periode | Jaarlike teiken 2019/20 | Kwartaalike teikens | | | | Kumulatief/ Nie-kumulatief |
|--|-------------|-----------------------------|-------------------------------|---------------------|-----|-----|-----|-------------------------------|
| | | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | |
| 1.2.1.1 Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk- en verwante beroepe | 5 | Kwartaaliks | 29 | 6 | 11 | 6 | 6 | K |
| 1.2.1.2 Getal internskappe in die Premier se Bevordering van die Jeug-program (PB.J) | 5 | Jaarliks | 20 | - | - | - | 20 | N/K |
| 1.2.1.3 BPAI-vlak vir die bestuurstandaard: Jaarlike prestasieplanne | 5 | Jaarliks | | | | | | |
| 1.2.1.4 BPAI-vlak vir die bestuurstandaard: Korporatiewe bestuur van IKI | 5 | Jaarliks | | | | | | |
| 1.2.1.5 BPAI-vlak vir die prestasiegebied: Verkrygingskefingbestuur | 5 | Jaarliks | | | | | | |
| 1.2.1.6 BPAI-vlak vir die prestasiegebied: Bestedingsbestuur | 5 | Jaarliks | | | | | | |
| 1.2.1.7 BPAI-vlak vir die prestasiegebied: Monitering | 5 | Jaarliks | | | | | | |
| 1.2.1.8 BPAI-vlak vir die prestasiegebied: Evaluering | 5 | Jaarliks | | | | | | |

Subprogram 1.3 Distriksbestuur¹³

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die desentralisering, bestuur en administrasie van dienste op distriksvlak binne die Departement.

¹³ Die opskrif Distriksbestuur word ingevolge die nasionale begrotingsstruktuur voorgeskryf. Die Wes-Kaapse DMO is egter werksaam deur middel van streekskantore.

8.1 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR

Uitgaweberamings

Opsomming van betalings en beramings – Program 1: Administrasie

| Subprogram R'000 | Uitkomst | | Hoofbegroting 2018/19 | Aangesuiwerde begroting 2018/19 | Hersiene beraming 2018/19 | Mediumtermberaming | | | %verandering vanaf hersiene beraming 2018/19 |
Verkaf alternatiewe versorging en ondersteuning vir kwesbare kinders.

Programfokus

Skep van 'n bevorderlike en versterkte residensiële omgewing vir kinders met 'n behoefte aan versorging en beskerming deur middel van 'n multiprogram- en gespesialiseerde diensmodel wat bystand sal verleen met die heintegrasie van kinders in hul gemeenskappe.

Intervensies wat ooreenkomstig beskikbare hulpbronne geprioritiseer is, is as volg:

- 'n Strategie vir die voorsiening van KJSS'e in die Wes-Kaap oor die kontinuum van kinders se versorging en beskerming;
- Registrasie van KJSS'e;

¹⁶ Programme en dienste word verwisselbaar gebruik.

¹⁷ Verandering in die aanwyser van NSS-program na NSS-diens. Hierdie aanwyser tel die getal kinders wat toegang verkry tot geregistreerde en befondsde Naskoolse Sorgdienste (NSS), waaronder NSS-gedeeltelikesorgfasiliteite (wat individueel befonds word) en NSS-programme wat apart geregistreer word, maar via NSS-diensverskaffers befonds en bestuur word.

¹⁸ Ongeveer 10% van hierdie getal is by NSS-gedeeltelikesorgfasiliteite geregistreer.

- Hernuwing van KJSS'e se registrasie;
- Doeltreffende gesentraliseerde plasingbestuur ten einde toelating tot die korrekte program ooreenkomstig die bepalings van die Kinderwet ingevolge die toewysing van KJSS'e te verseker. Voorsiening en instandhouding van 'n gesentraliseerde register vir alle kinders in residensiële alternatiewe sorg sowel as vir hul bewegings. Sifting van aansoeke vir kinders om na 'n hoër versorgingsvlak verskuif te word om te verseker dat kinders in sorg geplaas word waar hul die minste beperk en die meeste bemagtig word;
- Voorsiening van die volgende vlakke van versorging:
 - Vlak 2 – KJSS'e vir kinders met 'n behoefte aan versorging en beskerming, toetreevlak-middelmisbruikbehandeling, kroniese siektes, matige gestremthede, matige behoeftes aan gedragsbestuur, matige geestesgesondheidsbehoeftes en tydelike veilige sorg wat hoofsaaklik deur befondsde OSW's gelewer sal word;
 - Vlak 3 – beveiligde sorg ingevolge die Kinderwet vir kinders met akute gedragsbestuurbehoeftes (waaronder middelmisbruik en kriminele gedrag) deur DMO-bestuurde en uitgekонтракteerde kinder- en jeugsorgdienste; en
 - Vlak 4 – beveiligde sorg ingevolge die Wet op Kindereregtheid, met inbegrip van 'n holistiese residensiële sorgprogram.
- Voorsiening van programme soos beskryf in artikel 191 van die Kinderwet na behoefte. Ontwikkelingsgerigte, terapeutiese en ontspanningsprogramme sal deur elke KJSS voorsien word; en
- Versekering van nakoming van norme en standaarde vir KJSS'e deur middel van strategiese gesentraliseerde ondersteuning, assessering, opleiding en gehalteversekeringsprosesse.

Strategiese doelwit

| | |
|----------------------------|---|
| Strategiese doelwit | Fasiliteer die voorsiening van programme vir alternatiewe versorging en ondersteuning vir kinders met 'n behoefte aan versorging en beskerming. |
| Doelwitverklaring | Beleë in en verseker residensiële sorgdienste van gehalte vir 3 380 kinders met 'n behoefte aan versorging en beskerming teen Maart 2020. |
| Basislyn | Getal kinders met 'n behoefte aan versorging en beskerming in befondsde kinder- en jeugsorgsentrums: 3 380. |
| Regverdiging | Bydrae tot opsies 0 vir alternatiewe versorging, beskerming en ondersteuning vir kinders met 'n behoefte aan versorging en beskerming. |
| Skakels | Dit sluit aan by PSD 3: "Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder". Dit hou ook verband met departementele Strategiese Doelwit 3 in soverre dienste daarop gemik is om versorging, beskerming en ondersteuning te verseker vir kinders met 'n behoefte aan versorging en beskerming. Die Departement se doelwit hou ook direk verband met die Nasionale Uitkoms 13: "Skep 'n beter Suid-Afrika, 'n beter Afrika en 'n beter wêreld". Verder hou hierdie doelwit ook verband met Nasionale Uitkoms 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike beskermingstelsel". |

| 3.5.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens Strategiese Plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | Beraamde prestasie 2018/19 | Mediumtermyn teikens | | |
|---|---|------------------------------------|------------------------------------|---------|----------------------------------|----------------------|---------|---------|
| | | | 2015/16 | 2016/17 | | 2017/18 | 2019/20 | 2020/21 |
| Fasiliteer die voorsiening van programme vir alternatiewe versorging en ondersteuning vir kinders met 'n behoefte aan versorging en beskerming. | Getal kinders in residensiële sorg in gevolge die Kinderwet | 3 380 | 603 | 3 431 | 3 380 | 3 380 | 3 380 | 3 380 |

Programprestasie-aanwysers

| Programprestasie-aanwyser | Geouditeerde/Werklike prestasie | | Beraamde prestasie 2018/19 | Mediumtermyn teikens | |
|---|---------------------------------|---------|-------------------------------|----------------------|---------|
| | 2015/16 | 2016/17 | | 2019/20 | 2020/21 |
| 3.5.1.1 Getal kinders in residensiële sorg in befondsde OSW KJSS'e ingevolge die Kinderwet | 358 | 2 875 | 2 892 | 2 880 | 2 880 |
| 3.5.1.2 Getal kinders in eie en uitgekontrakteerde KJSS'e ingevolge die Kinderwet | 245 | 556 | 568 | 500 | 500 |

Kwartaalike ontleding

| Programprestasie-aanwyser | PSD-SKAKELS | Verslagdoenings- periode | Jaarlike teiken 2019/20 | Kwartaalike teikens | | | | Kumulatief/ Nie-kumulatief |
|---|-------------|-----------------------------|----------------------------|---------------------|-----|-----|-----|-------------------------------|
| | | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | |
| 3.5.1.1 Getal kinders in residensiële sorg in befondsde OSW KJSS'e ingevolge die Kinderwet | 3 | Kwartaaliks | 2 880 | 2 112 | 256 | 256 | 256 | K |
| 3.5.1.2 Getal kinders in eie en uitgekontrakteerde KJSS'e ingevolge die Kinderwet | 3 | Kwartaaliks | 500 | 305 | 65 | 65 | 65 | K |

Subprogram 3.6 Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste vir kinders

Doel van subprogram

Verskaf beskerming, versorging en ondersteuning aan kwesbare kinders in gemeenskappe.

Programfokus

Die Isibindi-program is geïntegreer met gemeenskapsgebaseerde voorkoming- en vroeëntervensiedienste in die volgende streke: Kaapse Wynland en Metro-Oos, Metro-Noord en Metro-Suid. Dit is ook geïntegreer met Instapsentrums, afwenteelingsprogramme en die Oog-op-die-Kind-program. Op hierdie manier word bestaande kindersorg-en-beskermingsmaatreëls versterk en die Isibindi-program word uitgebrei.

Strategiese doelwit

| | |
|----------------------------|---|
| Strategiese doelwit | Fasiliteer die voorsiening van gemeenskapsgebaseerde kinder- en jeugsorgdienste om toegang deur meer kwesbare kinders te verbeter. |
| Doelwifverklaring | Fasiliteer die voorsiening van gemeenskapsgebaseerde kinder- en jeugsorgdienste om toegang deur meer kwesbare kinders teen Maart 2020 te verbeter. |
| Basislyn | Getal leerling-KJSW's wat opleiding oor SAQA 60209 ontvang: Sertifikaat vir Verdere Onderwys en Opleiding: Kinder- en Jeugsorgwerk. |
| Regverdiging | Voorsiening van werksgeleenthede vir gemeenskapsgebaseerde jeug- en kinderbeskeringsdienste. |
| Skakels | Hierdie doelwit hou verband met departementele Strategiese Doelwit 3 in soverre dienste daarop gemik is om versorging, beskerming en ondersteuning te versek vir kinders met 'n behoefte aan versorging en beskerming. Die Departement se doelwit hou ook direk verband met die Nasionale Uitkomst: "Skep 'n beter Suid-Afrika, 'n beter Afrika en 'n beter wêreld" en Nasionale Uitkomst 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike beskermingsstelsel". Dit sluit aan by PSD 3: "Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder". |

| 3.6.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens Strategiese Plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie | | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|---|---------------------------------|---------------------------------|---------|---------|-----------------------|---------|----------------------|---------|-----|
| | | | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18 | 2018/19 ¹⁹ | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 | |
| Fasiliteer die voorsiening van gemeenskapsgebaseerde kinder- en jeugsorgdienste om toegang deur meer kwesbare kinders te verbeter | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit Getal gemeenskapsgebaseerde kinder- en jeugsorgwerkers wat opgelei is om dienste aan kwesbare kinders te lewer | 20 | 102 | 75 | 34 | - | - | 20 ²⁰ | 50 | 100 |

Programprestasie-aanwyser

| Programprestasie-aanwyser | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie | | Mediumtermyn-teikens | |
|---|---------------------------------|---------|---------|--------------------|---------|----------------------|---------|
| | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 |
| 3.6.1.1 Getal kinder- en jeugsorgwerkers wat opleiding ontvang het | 102 | 75 | 34 | - | 20 | 50 | 100 |

¹⁹ Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste vir kinders is geïntegreer met ander dienste soos voorsien deur program 3: Kinders en Gesinne.

²⁰ 'n Opleidingsprogram van 18 maande het in 2018/19 begin en sal teen 31 Maart 2020 voltooi wees.

Kwartaalike ontleding

| Programprestasie-aanwyser 3.6.1.1 | PSD-SKAKELS 3 | Verslagdoenings- periode Jaarlikse | Jaarlikse teiken 2019/20 20 | Kwartaalike teikens | | | | Kumulatief/ Nie-Kumulatief NK |
|--|------------------|--|-----------------------------------|---------------------|-----|-----|-----|-------------------------------------|
| | | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | |
| Getal kinder- en jeugsorgwerkers wat opleiding ontvang het | | | | - | - | - | 20 | NK |

10.1 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR

Uitgaweberamings

Opsomming van betalings en beramings – Program 3: Kinders en Gesinne

| Subprogram R'000 | Uitkomst | | Hoofbegroting 2018/19 | Aangesuiwerde begroting 2018/19 | Hersiene beraming 2018/19 | Mediumtermynberaming | | | % verandering vanaf hersiene beraming 2018/19 |
|---|----------------|----------------|--------------------------|---------------------------------------|---------------------------------|----------------------|----------------|----------------|--|
| | Geoudt 2015/16 | Geoudt 2016/17 | | | | Geoudt 2017/18 | 2019/20 | 2020/21 | |
| 3.1 Bestuur en ondersteuning | 2 016 | 1 577 | 2 101 | 2 278 | 2 278 | 2 530 | 2 711 | 2 909 | 11.06 |
| 3.2 Sorg en dienste vir gesinne | 43 790 | 44 149 | 45 408 | 47 459 | 47 459 | 50 175 | 53 141 | 56 037 | 5.72 |
| 3.3 Kindersorg en -beskerming | 174 653 | 184 642 | 191 032 | 206 076 | 206 076 | 230 110 | 242 637 | 255 910 | 11.66 |
| 3.4 YKO en gedeeltelike sorg | 286 689 | 285 164 | 313 041 | 337 765 | 337 765 | 364 795 | 378 569 | 388 480 | 8.00 |
| 3.5 Kinder- en jeugsorgsentrums | 93 916 | 95 709 | 98 329 | 101 205 | 101 205 | 106 225 | 114 723 | 123 901 | 4.96 |
| 3.6 Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste vir kinders | | | | | | | | | |
| Totale betalings en beramings | 601 064 | 611 241 | 649 911 | 694 783 | 694 783 | 753 835 | 791 781 | 827 237 | 8.50 |

Opsomming van betalings en beramings volgens ekonomiese klassifikasie – Program 3: Kinders en Gesinne

| Ekonomiese klassifikasie R'000 | Uitkomst | | | Hooftbegroting 2018/19 | Aangesuiwerde begroting 2018/19 | Hersiene beraming 2018/19 | Mediumtermberaming | | | | % - verandering vanaf hersiene beraming | | | |
|--|-----------------|-----------------|-----------------|---------------------------|---------------------------------------|---------------------------------|--------------------|----------------|----------------|----------------|---|---------|---------|---------|
| | Geoudit 2015/16 | Geoudit 2016/17 | Geoudit 2017/18 | | | | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 | 2018/19 | | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| Lopende betalings | 20 128 | 24 649 | 29 987 | 31 992 | 33 499 | 33 499 | 36 397 | 38 882 | 41 268 | 41 268 | 8,65 | | | |
| Vergoeding van werknemers | 19 282 | 23 865 | 29 086 | 31 073 | 32 266 | 32 266 | 34 876 | 37 266 | 39 557 | 39 557 | 8,09 | | | |
| Goedere en dienste | 846 | 784 | 901 | 919 | 1 233 | 1 233 | 1 521 | 1 616 | 1 711 | 1 711 | 23,36 | | | |
| Oordragte en subsidies aan | 580 934 | 586 587 | 619 917 | 662 273 | 661 284 | 661 284 | 717 329 | 752 783 | 785 847 | 785 847 | 8,48 | | | |
| Departementele agentskappe en rekeninge | | | | | | | | | | | | | | |
| Instellings sonder winsoogmerk | 573 317 | 578 866 | 612 352 | 653 847 | 653 847 | 653 847 | 709 498 | 744 482 | 777 089 | 777 089 | 8,51 | | | |
| Huishoudings | 7 617 | 7 721 | 7 565 | 8 426 | 7 437 | 7 437 | 7 831 | 8 301 | 8 758 | 8 758 | 5,30 | | | |
| Betalings vir kapitaalbates | 2 | 5 | 7 | 8 | 8 | 8 | 109 | 116 | 122 | 122 | | | | |
| Geboue en ander vaste strukture | | | | | | | | | | | | | | |
| Masjinerie en toerusting | 2 | 5 | 7 | 8 | | | 109 | 116 | 122 | 122 | | | | |
| Betalings vir finansiële bates | | | | | | | | | | | | | | |
| Totale ekonomiese klassifikasie | 601 064 | 611 241 | 649 911 | 694 273 | 694 783 | 694 783 | 753 835 | 791 781 | 827 237 | 827 237 | 8,50 | | | |

Prestasie- en bestedingstendense

Die Departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffende en doelmatige balans te verseker tussen gemeenskapsbehoefes en nasionale en provinsiale strategiese prioriteite, waarvan PSD 3 die belangrikste is: "Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike ewwels te verminder", asook PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomst en geleentheid vir jeugontwikkeling".

Die volgende beginsels het die begrotingsbesluit oor die MTUR-periode heen gelei:

- Versterking en uitbreiding van kinderbeskermingsdienste regoor die provinsie;
- Verhogings in subsidies vir eenheidskoste en subsidies vir poste vir maatskaplikewelsynsorganisasies, asook subsidies vir bykomende maatskaplikewerkberoeps- en administratiewe personeel vir nuwe poste in kinderbeskermingsorganisasies;
- Versnelling van implementering van pleegsorgbestuursplan (die werwing, opleiding en ondersteuning van pleegsorg- en veiligheidsouers);
- Fokus op gesinsbemiddeling;
- Provinsiewyse implementering van die Oog-op-die-Kind-projek, asook die belyning en koördinerende daarvan sodat dit deel vorm van die geïntegreerde Isibindi-program; en

- Voortsetting van die Naskoolse Spelwisselaar.
- VKO's:
- Verbetering van doeltreffendheid van VKO registrasie en herregistrasie deur middel van 'n gesentraliseerde registrasieproses;
- Handhawing van die spesiale VKO-program vir Engels as taal en kognitiewe ontwikkeling by die 65 bestaande persele waar skoolgereedheid swak is; en
- Verbetering van subsidies aan VKO- en naskoolse sorgsentrums.

Die styging vanaf die heriene beraming van R694,783 miljoen in 2018/19 na R753,835 miljoen in 2019/20 is weens die toename in VKO-befondsing vanaf R15 na R16 per kind per dag en die toename in die eenheidskoste vir naskoolse sorgdienste vanaf R8 na R9 per kind per dag. Die styging in 2019/20 sluit in R21,665 miljoen vir die implementering van die hofuitspraak rakende NAWONGO²¹. Die begroftingstoewysing word daarna tot R791,781 miljoen in 2020/21 en tot R827,237 miljoen in 2021/22 verhoog.

10.2 Risikobestuur

| Risiko | Risikoversagting |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> ● Onvermoë om ten volle aan wetgewende norme en standaardte te voldoen. | <ul style="list-style-type: none"> ● Aanwending van bykomende NAWONGO-befondsing (R21 miljoen) om te help met stygings in VKO-eenheidskoste. ● Verhoging in die eenheidskoste per kind in naskoolse sorg. ● Handhawing van alle beplande aktiwiteite vir programme vir kindersorg en -beskerming en kwesbare gesinne – aannemings; pleegsorg; werwing en ondersteuning van pleegsorg- en veiligheidsouers; uitbreiding van kinderbeskermingsdienste in gebiede met toenemende behoeftes. ● Verskaffing van verhogings vir eenheidskoste en subsidie vir befondsing van poste vir maatskaplike werkers. |
| <ul style="list-style-type: none"> ● Litigasie waar die Departement versuim om sy statutêre mandate te implementeer – hetsy deur eise vir skadevergoeding óf hofbeslissings om statutêre verpligtinge ten volle na te kom. | <ul style="list-style-type: none"> ● Versekering van geskikte dienslewingsverbeterings sodat dienste gelewer word ooreenkomstig statutêre/ beleidsgerigte norme en standaarde. ● Geskikte toepassing van voorwaardelike en geoordeelde befondsing vir VKO en deur middel van die geïntegreerde Isibindi-program. |
| <ul style="list-style-type: none"> ● VKO-registrasie wat verval en dus kan VKO-fasiliteite nie aan munisipale verordeninge en die Kinderwet voldoen of kwalifiseer vir subsidies vir eenheidskoste nie. ● Ongeregistreerde fasiliteite is 'n veiligheidsrisiko vir kinders. ● Styging in litigasie waar die Departement nie sy mandaat ten opsigte van nakomingsmonitering van VKO-sententrums kan vervul nie. | <ul style="list-style-type: none"> ● Handhawing van befondsing aan VKO-fasiliteite wat geregistreer is en aan nakoming voldoen en hulp aan ongeregistreerde VKO-fasiliteite om aan die Kinderwet te voldoen. ● Sentralisering van registrasie van VKO-fasiliteite om voortgesette nakoming te verseker en om ongeregistreerde VKO-fasiliteite te help om aan registrasiekriteria te voldoen. ● Handhawing van fase 2 van die PSD 2-/VKO-projek by die 65 persele in die spesifieke gebiede. |

²¹ Nasionale Vereniging van Welsynsorganisasies en Organisasies sonder Winsoogmerk.

11. Program 4: Herstellende Dienste

Doel van die program

Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte voorkomingsdienste rakende maatskaplike misdaad en dienste teen middelmisbruik aan die mees kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

Subprogram 4.1 Bestuur en ondersteuning

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste vir alle subprogramme in hierdie program lewer.

Subprogram 4.2 Misdaadvoorkoming en ondersteuning

Doel van subprogram

Ontwikkel en implementeer voorkomingsprogramme vir maatskaplike misdaad en verskaf proefdienste wat kinder-, jeug- en volwasse oortreders en slagoffers binne die strafregproses teiken.

Programfokus

Die program sal op die volgende fokus:

- Implementering van die statutêre verpligtinge soos vervat in die Wet op Kinderegeregtheid en die Wysigingswet op Proefdienste, 2002 (Wet 35 van 2002), om 'n reeks gespesialiseerde intervensies vir proefvallebestuur te verskaf aan persone (kinders, jongmense en volwassenes) in botsing met die gereg en hul slagoffers, vanaf hul toetrede tot die strafregstelsel tot hul herintegrasie;
- Implementering van die Provinsiale Afwentelingsregister om die doeltreffende monitering, ontleding en kartering van die vloei van kinders deur die strafregstelsel te verseker;
- Voorsiening van 'n residensiële beveiligingsprogram by regering- en uitgekонтakteerde kinder- en jeugsorgsentrums wat fokus op die versorging, ontwikkeling en ondersteuning van kinders en jongmense in botsing met die gereg, ten einde hul suksesvolle herintegrasie met die gemeenskap te verseker en residivisme te verminder.
- Voorsiening van 'n reeks intervensies vir herintegrasie aan persone in botsing met die gereg wat gemeenskapsgebaseerde en/of residensiële programme voltooi het, om stabiele maatskaplike en gesinsverhoudings te bevorder om hul kans op terugvalling en herhaaldelike oortreding te verminder.

- Fasilitering van opleidingswerksessies vir die kapasiteitsbou van proefdiensbeaamptes rakende wetgewing, beleide, strategieë en programme in verband met die voorkoming van maatskaplike misdaad, met 'n spesifieke fokus op die doeltreffende implementering van die hersiene norme en standaarde vir afwentelingsprogramme vir kinders; en
- Voorsiening van 'n soomlose meganisme vir afwentelingsakkreditering, waaronder verifikasie, akkreditering en gehalteversekering van fasiliteite.

Strategiese doelwit

| | |
|----------------------------|---|
| Strategiese doelwit | Verminder residivisme deur middel van 'n doeltreffende proefdiens vir alle kwesbare kinders en volwassenes teen Maart 2020. |
| Doelwitverklaring | Verminder die mate van residivisme en vatbaarheid vir misdaad deur psigososiale en statutêre dienste te verskaf aan kinder-, jeug- en volwasse oortreders en slagoffers van misdaad binne die strafregproses teen Maart 2020 vir 20 070 begunstigdes. |
| Basislyn | Getal kinders en volwassenes wat per jaar by ondersteuningsdienste rakende maatskaplike misdaad baat vind: 20 950 |
| Regverdiging | Hierdie doelwit is in lyn met die Wet op Kindereregtheid, 2008 (Wet 75 van 2008), die Kinderwet, die Wet op Proefdiens, 1991 (Wet 116 van 1991), soos gewysig, en die Nasionale Strategie vir die Voorkoming van Maatskaplike Misdaad en sal bydra tot die vermindering van die getal kinders in die strafregproses. |
| Skakels | Dit sluit aan by departementele Strategiese Doelwit 4: "Verbeter welstand en veiligheid, en maak werk van maatskaplike euwels deur middel van voorkomingsdienste rakende maatskaplike misdaad en middelmisbruik". Dit sluit aan by die Nasionale Uitkomst: "Bou 'n veiliger land", asook "Skep 'n beter Suid-Afrika, 'n beter Afrika en 'n beter wêreld" en Nasionale Uitkomst 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike beskermingstelsel". Hierdie program sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomst en geleenthede vir jeugontwikkeling" en PSD 3: "Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder". Die primêre fokus van hierdie Departement se program is op die voorkoming van maatskaplike misdaad en op statutêre dienste, soos deur die Wet op Kindereregtheid en die Wet op Proefdiens bepaal word. Dit sal dus daartoe bydra om die getal kinders en volwassenes in die strafregproses te verminder en dus bydra tot die verbetering van die veerkragtigheid en positiewe ontwikkeling van kinders en gesinne. |

| 4.2.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens Strategiese Plan | Geoudteerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2018/19 | Mediumtermyn-teikens | | |
|--|--|---------------------------------|--------------------------------|---------|---------|----------------------------|----------------------|---------|---------|
| | | | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18 | | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 |
| Verminder residivisme deur middel van 'n doeltreffende proefdiens vir alle kwesbare kinders en volwassenes teen Maart 2020 | Getal kinders en volwassenes wat baat vind by intervensies om residivisme te verminder | 20 070 | 19 274 | 21 355 | 22 483 | 20 950 | 20 070 | 20 290 | 20 420 |

Programprestasie-aanwysers

| Programprestasie-aanwyser | Geouditeerde/Werklike prestasie | | Beraamde prestasie 2018/19 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---------------------------|---------------------------------|---------|----------------------------|----------------------|---------|---------|
| | 2015/16 | 2016/17 | | 2017/18 | 2019/20 | 2020/21 |
| 4.2.1.1 | 8 261 | 8 159 | 7 850 | 6 750 | 6 750 | 6 750 |
| 4.2.1.2 | 3 555 | 3 460 | 3 265 | 2 320 | 2 415 | 2 475 |
| 4.2.1.3 | 2 384 | 1 970 | 2 170 | 1 705 | 1 755 | 1 785 |
| 4.2.1.4 | 10 895 | 13 017 | 11 640 | 11 860 | 12 080 | 12 210 |
| 4.2.1.5 | 7 568 | 9 147 | 8 052 | 8 212 | 8 335 | 8 410 |
| 4.2.1.6 | 192 | 179 | 160 | 160 | 160 | 160 |
| 4.2.1.7 | 1 401 | 1 265 | 1 300 | 1 300 | 1 300 | 1 300 |

Kwartaalike ontleding

| Programprestasie-aanwyser | PSD-SKAKELS | Verslagdoenings-periode | Jaarlikse teiken 2019/20 | Kwartaalike teikens | | | | Kumulatief/Nie-kumulatief |
|---------------------------|-------------|-------------------------|--------------------------|---------------------|-------|-------|-------|---------------------------|
| | | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | |
| 4.2.1.1 | 3 | Kwartaaliks | 6 750 | 1 670 | 1 680 | 1 780 | 1 620 | K |
| 4.2.1.2 | 3 | Kwartaaliks | 2 320 | 565 | 637 | 587 | 531 | K |
| 4.2.1.3 | 3 | Kwartaaliks | 1 705 | 405 | 450 | 425 | 425 | K |
| 4.2.1.4 | 3 | Kwartaaliks | 11 860 | 2 965 | 2 985 | 2 975 | 2 935 | K |
| 4.2.1.5 | 3 | Kwartaaliks | 8 212 | 2 060 | 2 070 | 2 050 | 2 032 | K |
| 4.2.1.6 | 3 | Kwartaaliks | 160 | 115 | 15 | 15 | 15 | K |
| 4.2.1.7 | 3 | Kwartaaliks | 1 300 | 520 | 260 | 260 | 260 | K |

Subprogram 4.3 Slagofferbemagtiging

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en dienste om slagoffers van geweld en misdaad, veral vroue en kinders, te ondersteun, te versorg en te bemagtig.

Programfokus

Die slagofferbemagtigingsprogram se kernfokus is om dienste te lewer aan volwasse slagoffers van gesinsgeweld, seksuele misdrywe en mensehandel.

Die fokus van die program vir die boekjaar sal die volgende insluit:

- Befondsing van skulings en diensorganisasies en die verbetering van die gehalte van dienste deur ondersteuning rakende die voldoening aan die tersaaklike norme en standarde vir dienslewering;
- Fasilitering van gemeenskapsuitreikingsaktiwiteite en opvoedkundige werkessies om die gemeenskap in die geheel op te voed oor geslagsgebaseerde geweld en dienste wat vir slagoffers van misdaad beskikbaar is;
- Fasilitering van die voorsiening van geakkrediteerde vaardigheidsontwikkelingsprogramme vir inwoners in skulings;
- Voorsiening van rehabilitasie- en voorkomingsintervensies vir slagoffers van mensehandel ingevolge die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (PACOTIP), 2013 (Wet 7 van 2013);
- Akkreditering van skulings en diensorganisasies wat dienste aan volwasse slagoffers van mensehandel lewer om nakoming van die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (PACOTIP) te verseker;
- Versekering van 'n betroubare verwysingstelsel vanaf befondsde skulings tot die dienste voorsien deur die Khuseleka-model by die Saartjie Baartman-sentrum;
- Versekering van gereelde terugvoer rakende verwysings wat deur die Bevelsentrum vir Geslagsgebaseerde Geweld (GBVCC) ontvang is. Die GBVCC is 'n nasionale 24-uur-inbelsentrum wat deur maatskaplike werkers beman word om slagoffers van geslagsgebaseerde geweld te help;
- Implementering van die intersektorale strategie vir slagofferbemagtiging; en
- Verbetering van nasorgdienste vir slagoffers van seksuele geweld wat beïnvloed sal word deur die bevindings van navorsingsevaluering ten opsigte van die verskaffing van psigososiale ondersteuning.

Strategiese doelwit

| | |
|----------------------------|--|
| Strategiese doelwit | Alle slagoffers van geweld, veral vroue en kinders, het toegang tot 'n kontinuum van dienste. |
| Doelwitverklaring | Dra by tot die bemagtiging van slagoffers van gesinsgeweld en verlaag die risiko vir seksuele en fisieke geweld deur toegang tot 'n kontinuum van dienste te verseker wat 16 300 slagoffers teen Maart 2020 sal bereik. |
| Basislyn | Getal slagoffers wat toegang verkry tot ondersteuningsdienste en programme wat slagofferbemagtiging bevorder: 19 800. |
| Regverdiging | Slagofferbemagtiging is een van die vernaamste pilare van die Nasionale Misdaadvoorkomingsstrategie wat in 1996 ontwikkel is. Die doelwit is ook in lyn met die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel, 2013 (Wet 7 van 2013), die Slagofferhandves (2004) en die nuwe Wetsontwerp op Slagoffersteundienste. Die DMO is die leidende departement en is verantwoordelik vir die koördinerende van die suksesvolle implementering van die slagofferbemagtigingsprogram oor verskeie departemente. |
| Skakels | Hierdie doelwit sluit aan by PSD 3: "Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder" en Nasionale Uitkomst 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike beskermingstelsel". Dit sluit aan by departementele Strategiese Doelwit 4: "Verbeter welstand en veiligheid, en maak werk van maatskaplike euwels deur middel van voorkomingsdienste rakende maatskaplike misdaad en middelmisbruik". Die doelwit sluit ook aan by die Nasionale Misdaadvoorkomingsstrategie en die Departement se visie om 'n samelewing te skep wat selfonderhoudend is. |

| 4.3.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens Strategiese Plan | Geoudfeerde/Werklike prestasie | | Beraamde prestasie 2018/19 | Mediumtermynsteikens | | |
|--|---|---------------------------------|--------------------------------|---------|----------------------------|----------------------|---------|---------|
| | | | 2015/16 | 2016/17 | | 2017/18 | 2019/20 | 2020/21 |
| Alle slagoffers van geweld, veral vroue en kinders, het toegang tot 'n kontinuum van dienste | Getal mense bereik wat toegang tot slagofferondersteuningsdienste het | 16 300 | 25 330 | 19 962 | 21 243 | 16 300 | 16 700 | 17 000 |

Programprestasie-aanwysers

| Programprestasie-aanwyser | Geoudfeerde/Werklike prestasie | | Beraamde prestasie 2018/19 | Mediumtermynsteikens | | |
|---|--------------------------------|---------|----------------------------|----------------------|---------|---------|
| | 2015/16 | 2016/17 | | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 |
| 4.3.1.1 Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang verkry tot psigososiale ondersteuningsdienste ²² | 25 330 | 19 962 | 19 800 | 16 300 | 16 700 | 17 000 |

²² Herbenoem in 2019/20 vanaf Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang verkry tot slagofferbemagtigingsprogramme via befondsde dienssentrums.

Kwartaalike ontleding

| Programprestasie-aanwyser 4.3.1.1 | PSD-SKA KEELS 3 | Verslagdoenings- periode Kwartaaliks | Jaarlike telken 2019/20 16 300 | Kwartaalike telkens | | | Kumulatief/ Nie-kumulatief K |
|--|--------------------|--|--------------------------------------|---------------------|-------|-------|------------------------------------|
| | | | | 1ste | 2de | 3de | |
| Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang verkry tot psigosidiale ondersteuningsdienste | | | | 4 500 | 4 000 | 3 800 | 4 000 |

Subprogram 4.4 Middelmisbruik, -voorkoming en -rehabilitasie

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde dienste vir middelmisbruik, voorkoming, behandeling en rehabilitasie.

Programfokus

Hierdie program se vernaamste strategiese prioriteite sal wees om te fokus op bewusmaking, veral rakende fetale alkoholsindroom (FAS), vroeëintervensieprogramme, dienste wat deur wetgewing gereguleer word, sowel as nasorgondersteuningsprogramme. Dit sal op 'n geïntegreerde en gekoördineerde manier bestuur word tesame met die Departement van Onderwys²³ en Gesondheid, sowel as plaaslike owerhede se plaaslike dwelm-aksiekomitees.

Die program sal steeds op die volgende fokus:

- Registrasie van behandelingsfasiliteite en terapeutiese intervensies om nakoming te verseker van die minimum norme en standaardse soos voorgeskryf in die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, 2008 (Wet 70 van 2008);
- Versekering van nakoming van gesondheidsverwante standaardse in geregistreerde binnepasiëntbehandelingsentrums;
- Implementering van nagraadse en voorgraadse geakkrediteerde kursusse;
- Uitbreiding van die kapasiteit van die DMO se eie dienste op die gespesialiseerde gebied van verslawingsorg en gemeenskapsgebaseerde response rakende behandeling vir middelmisbruik;
- Verskaffing van residensiele middelmisbruikbehandelingsprogramme vir kinders (seuns en meisies) tussen 13 en 15 jaar by die Lindelani KJSS, en vir seuns tussen 16 en 17 jaar en volwasse mans by die De Novo-middelmisbruikbehandelingsentrum, Kraaifontein;
- Instelling van middelmisbruikbehandelingsprogramme by alle bevestigde KJSS'e, sowel as by 10 hoërisiko-hoërskole in die Wes-Kaap; en
- Voortsetting van die opioïed-substitusieprogram in Mitchells Plain en Hanover Park.

²³ Hoofstroomonderdig oor dwelms en alkohol in die tersaaklike NKS (Nasionale Kurrikulumstandaarde) Grondslagfase, Intermediêre Fase en graad 11-kurrikulummodules vir Lewensoriëntering.

Strategiese doelwit

| | |
|----------------------------|--|
| Strategiese doelwit | Verbeter ooreenstemming tussen die vraag na dienste teen middelmisbruik vir individue, gesinne en gemeenskappe en die departementele aanbod van dienste, en verbeter die algehele uitkomst van dienste. |
| Doelwifverklaring | Verbeter die ooreenstemming tussen dienste teen middelmisbruik vir individue, gesinne en gemeenskappe en die behoefte aan daardie dienste, en verbeter die algehele uitkomst van behandeling en intervensies ingevolge wetgewing oor middelmisbruik en die Provinsiale Strategie teen Middelmisbruik teen Maart 2020 vir 11 555 begunstigdes. |
| Basislyn | Getal diensgebruikers wat toegang verkry tot dienste teen middelmisbruik: 11 881. |
| Regverdiging | Die doelwit sal bydra tot maklike toegang tot dienste wat sodoende die impak van middelmisbruik op gesinne sal verminder. Versterking van die gesinslewe. Dit sal toegang tot behandelingsdienste verhoog en 'n toename in middelmisbruik, veral onder die jeug, verhoed. |
| Skakels | Hierdie doelwit sluit aan by PSD 3: "Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder". Dit hou ook verband met Nasionale Uitkomst 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikanners", Nasionale Uitkomst 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld" en Nasionale Uitkomst 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike beskermingstelsel". Dit sluit aan by departementele Strategiese Doelwit 4: "Verbeter welstand en veiligheid, en maak werk van maatskaplike euwels deur middel van voorkomingsdienste rakende maatskaplike misdaad en middelmisbruik". Ander skakels: Die doelwit hou direk verband met die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, 2008 (Wet 70 van 2008). Ten opsigte van die voorsiening van dienste teen middelmisbruik aan individue, gesinne en gemeenskappe, word daar saamgewerk met vennote in al sewe departementele programme, die OSW-sektor, ander regeringsdepartemente en plaaslike owerhede. |

| | | | | | | | | | | | | |
|--------------------------------------|--|--|---------------------------------|--|---------|---------|---------------------------|---------|---------|-----------------------------|---------|---------|
| 4.4.1 Strategiese doelwit | Verbeter ooreenstemming tussen die vraag na dienste teen middelmisbruik vir individue, gesinne en gemeenskappe en die departementele aanbod van dienste, en verbeter die algehele uitkomst van dienste | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens Strategiese Plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie | | | Mediumtermyn-teikens | | |
| | | | | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 | 2019/20 | 2020/21 |
| | | Getal diensgebruikers wat toegang verkry tot dienste teen middelmisbruik | 11 555 | 13 084 | 11 876 | 11 689 | 11 881 | 11 555 | 11 685 | 11 915 | | |

Programprestasie-aanwysers

| Programprestasie-aanwyser | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2018/19 | Mediumtermynfeikens | | |
|---------------------------|---------------------------------|---------|---------|----------------------------|---------------------|---------|---------|
| | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18 | | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 |
| 4.4.1.1 | 1 303 | 1 164 | 1 226 | 1 351 | 1 355 | 1 235 | 1 235 |
| 4.4.1.2 | 2 909 | 3 624 | 3 250 | 3 630 | 3 680 | 3 700 | 3 800 |
| 4.4.1.3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 |
| 4.4.1.4 | 8 872 | 7 088 | 7 213 | 6 900 | 6 520 | 6 750 | 6 880 |
| 4.4.1.5 | 1 983 | 1 961 | 2 078 | 2 549 | 2 575 | 2 705 | 3 675 |

Kwartaalike ontleding

| Programprestasie-aanwyser | PSD-SKAKELS | Verslagdoenings- periode | Jaarlike teiken 2019/20 | Kwartaalike feikens | | | Kumulatief/ Nie-kumulatief |
|---------------------------|-------------|-----------------------------|----------------------------|---------------------|-------|-------|-------------------------------|
| | | | | 1ste | 2de | 3de | |
| 4.4.1.1 | 3 | Kwartaaliks | 1 355 | 330 | 340 | 340 | 345 |
| 4.4.1.2 | 3 | Kwartaaliks | 3 680 | 900 | 940 | 940 | 900 |
| 4.4.1.3 | 3 | Kwartaaliks | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 |
| 4.4.1.4 | 3 | Kwartaaliks | 6 520 | 1 610 | 1 715 | 1 690 | 1 505 |
| 4.4.1.5 | 3 | Kwartaaliks | 2 575 | 625 | 668 | 663 | 619 |

11.1 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR

Uitgaweberamings

Opsomming van betalings en beramings – Program 4: Herstellende Dienste

| Subprogram R'000 | Uitkomst | | | Hoofbegroting 2018/19 | Aangesuiwerde begroting 2018/19 | Herseiene beraming 2018/19 | Mediumtermberaming | | | %verandering vanaf herseiene beraming 2018/19 |
|--|-----------------|-----------------|-----------------|--------------------------|---------------------------------------|-------------------------------|--------------------|----------------|----------------|--|
| | Geoudit 2015/16 | Geoudit 2016/17 | Geoudit 2017/18 | | | | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 | |
| 4.1 Bestuur en ondersteuning | 3 165 | 3 298 | 3 518 | 3 723 | 3 952 | 3 952 | 4 223 | 4 498 | 4 851 | 6.86 |
| 4.2 Misdaadvoorkoming en ondersteuning | 194 506 | 216 141 | 218 659 | 233 923 | 235 541 | 235 541 | 250 046 | 269 999 | 287 330 | 6.16 |
| 4.3 Slagofferbemoediging | 28 740 | 30 167 | 32 225 | 45 012 | 45 361 | 45 361 | 51 083 | 54 159 | 57 128 | 12.61 |
| 4.4 Middelenbruik, -voorkoming en -rehabilitasie | 92 574 | 95 006 | 97 176 | 104 039 | 100 411 | 100 411 | 109 886 | 116 760 | 123 448 | 9.44 |
| Totale betalings en beramings | 318 985 | 344 612 | 351 578 | 386 697 | 385 265 | 385 265 | 415 238 | 445 416 | 472 757 | 7.78 |

Opsomming van betalings en beramings volgens ekonomiese klassifikasie – Program 4: Herstellende Dienste

| Ekonomiese klassifikasie R'000 | Uitkomst | | | Hoofbegroting 2018/19 | Aangesuiwerde begroting 2018/19 | Herseiene beraming 2018/19 | Mediumtermberaming | | | %verandering vanaf herseiene beraming 2018/19 |
|--|-----------------|-----------------|-----------------|--------------------------|---------------------------------------|-------------------------------|--------------------|----------------|----------------|--|
| | Geoudit 2015/16 | Geoudit 2016/17 | Geoudit 2017/18 | | | | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 | |
| Lopende betalings | 222 098 | 242 737 | 244 156 | 244 622 | 243 725 | 243 729 | 283 445 | 305 899 | 326 048 | 7.48 |
| Vergoeding van werknemers | 123 585 | 136 181 | 149 378 | 164 200 | 160 285 | 160 285 | 171 080 | 182 905 | 195 986 | 6.73 |
| Goedere en dienste | 98 513 | 106 556 | 94 778 | 100 422 | 103 440 | 103 444 | 112 385 | 122 994 | 130 062 | 8.64 |
| Oordragte en subsidies aan | 93 976 | 98 518 | 103 985 | 117 823 | 117 929 | 117 925 | 127 262 | 134 752 | 141 686 | 7.92 |
| Departementele agenskappe en rekeninge | 20 | 22 | 16 | 10 | 10 | 10 | 9 | 10 | 10 | (10,00) |
| Instellings sonder winsoogmerk | 93 512 | 97 661 | 102 056 | 117 714 | 117 434 | 117 430 | 126 751 | 134 240 | 141 174 | 7.94 |
| Huishoudings | 444 | 835 | 1 913 | 99 | 485 | 485 | 502 | 502 | 502 | 3.51 |
| Betalings vir kapitaalbates | 2 911 | 3 357 | 3 437 | 4 252 | 3611 | 3 611 | 4 511 | 4 765 | 5 023 | 24.92 |
| Geboue en ander vaste strukture | | | | | | | | | | |
| Masjinerie en toerusting | 2 911 | 3 357 | 3 437 | 4 252 | 3 611 | 3 611 | 4 511 | 4 765 | 5 023 | 24.92 |
| Betalings vir finansiële bates* | | | | | | | | | | |
| Totale ekonomiese klassifikasie | 318 985 | 344 612 | 351 578 | 386 697 | 385 265 | 385 265 | 415 238 | 445 416 | 472 757 | 7.78 |

Prestasie- en bestedingstendense

Die Departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffende en doelmatige balans te verseker tussen gemeenskapsbehoefte en nasionale en provinsiale strategiese prioriteite, waarvan PSD 3 die belangrikste is: “Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike ewels te verminder”, asook PSD 2: “Verbeter onderwysuitkomst en geleentheid vir jeugontwikkeling”.

Die volgende beginsels het die begrotingsbesluite oor die MTUR-periode heen gelei:

- Handhawing van dienste en verhoging van subsidie vir bedspasie by mishandelde vroue;
- Voorsiening van vaardighedsontwikkeling vir vroue in die skuilings;
- Opgradering van beveiligde KJSS-infrastruktuur en instandhouding (eie dienste); en
- Bykomende infrastruktuur (koshuis) in Clanwilliam, asook die instandhouding en operasionalisering daarvan.

Die styging vanaf die hersiene beraming van R385.265 miljoen in 2018/19 na R415.238 miljoen in 2019/20 is weens die bepalinge vir die uitbreiding van dienste by fasiliteite en behandelingsentrums. Die begroftingstoewysing word daarna tot R445.416 miljoen in 2020/21 en tot R472.757 miljoen in 2021/22 verhoog.

11.2 Risikobestuur

| Risiko | Risikoversagting |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> ● Beperkte bedspasie vir slagoffers van mensehandel, mishandelde vroue en hul kinders. ● Nienakoming van norme en standaard met betrekking tot eie beveiligde versorgingsfasiliteite. | <ul style="list-style-type: none"> ● Handhawing van dienste en verhoging van subsidie vir bedspasie by skuilings vir mishandelde vroue. ● Opgradering van infrastruktuur om norme en standaard te verseker. |

12. Program 5: Ontwikkeling en Navorsing

Doel van die program

Voorsien volhoubare ontwikkelingsprogramme wat die bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer, gegrond op empiriese navorsing en demografiese inligting.

Subprogram 5.1 Bestuur en ondersteuning

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste vir alle subprogramme in hierdie program lewer.

Subprogram 5.2 Gemeenskapsmobilisering

Doel van subprogram

Bou veilige en volhoubare gemeenskappe deur sterk gemeenskapsnetwerke te skep, gegrond op die beginsels van vertroue en respek vir plaaslike diversiteit, en bevorder 'n gevoel van samehörigheid en vertroue onder plaaslike inwoners. Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur.

Subprogram 5.3 Institusionele kapasiteitsbou (IKB) en ondersteuning vir OSW's

Doel van subprogram

Om OSW-registrasie en nakomingsmonitering te ondersteun, om met OSW-belanghebbendes te skakel en te kommunikeer, om institusionele kapasiteitsbou te verskaf, om OSW-befondsing en -monitering te bestuur en om 'n bevorderlike omgewing te skep waarbinne alle OSW's kan floreer.

Programfokus

Die OSW-sektor is werksaam binne 'n komplekse omgewing en kom dikwels te staan voor belangrike uitdagings en ontwikkelingshindernisse op die gebied van bestuursoorsig, finansiële bestuur, monitering en evaluering, beplanning en bestuur van werksaamhede, sowel as fondsinsameling om om hul volhoubaarheid te verseker. Hierdie program sal die Departement se pogings aanvul om die OSW-sektor te versterk, wat weer tot verbeterde dienslewering en aanspreeklikheid sal lei.

Om hierdie uitdagings die hoof te bied, het die program die volgende belangrike fokusgebiede geïdentifiseer:

- Registrasiedienste (hulptoonbank);
- Bestuursorsig en funksionaliteit van OSW's (opleiding);
- Afrigtingsondersteuning (mentorskop);
- Instelling van 'n OSW-hulptoonbank en ondersteuningsnetwerke vir OSW's op plaaslike vlak; en
- Skakeling van OSW's met netwerk- en opleidingsgeleenthede.

Hierdie belangrike fokusgebiede sal voortdurend versterk word deur nasorgondersteuningsdienste wat deur streeksamptenare gefasiliteer sal word.

Strategiese doelwit

| | |
|----------------------------|--|
| Strategiese doelwit | Kapasiteitsontwikkeling en ondersteuningsdienste vir geïdentifiseerde befondsde OSW's en hulpbehoewende burgerlike organisasies. |
| Doelwitverklaring | Om teen Maart 2020 die bestuursvermoëns van 1 170 (in krisis of kwesbare) OSW's en geïdentifiseerde burgerlike organisasies te versterk. |
| Basislyn | Getal OSW's wat dienste vir kapasiteitsversterking en ondersteuning ontvang: 1 083. |
| Regverdiging | Hierdie doelwit sal bydra tot verbeterde organisatoriese funksionering en die beoefening van goeie bestuurorsig en sal OSW's in staat stel om vennootskapsdienste doeltreffend te implementeer. Dit sal ook die daarstelling van plaaslike OSW-ondersteuningsnetwerke bevorder wat daarop gemik is om bestuurspraktyke te verbeter, wat tot verbeterde dienslewering sal lei. |
| Skakels | Hierdie doelwit sluit aan by departementele Strategiese Doelwit 5: "Skep geleenthede deur gemeenskapsontwikkelingsdienste". Dit hou ook verband met Nasionale Uitkomst 12: "n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens en 'n bemagtigde, billike en inklusiewe burgerskap" en Nasionale Uitkomst 13: "n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike beskermingstelsel". Hierdie program sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomst en geleenthede vir jeugontwikkeling", asook PSD 3: "Om welstand en veiligheid te verhoog en maatskaplike ewels te verminder". |

| 5.3.1 Strategiese doelwit | Teiken volgens Strategiese Plan | Geouitende/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2018/19 | Mediumtermyn-teikens | |
|---|------------------------------------|-------------------------------|---------|---------|----------------------------------|----------------------|---------|
| | | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18 | | 2019/20 | 2020/21 |
| Kapasiteitsontwikkeling en ondersteuningsdienste vir geïdentifiseerde befondsde OSW's en hulpbehoewende burgerlike organisasies | 1 170 | 2 340 | 1 605 | 1 830 | 1 083 | 1 170 | 1 247 |
| Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | | | | | | | |
| Getal OSW's wat dienste vir kapasiteitsversterking en ondersteuning ontvang | | | | | | | |

Programprestasie-aanwysers

| Programprestasie-aanwyser | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | | Beraamde prestasie | | | Mediumtermyn-teikens | | |
|--|---------------------------------|---------|---------|---------|--------------------|---------|---------|----------------------|---------|---------|
| | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 |
| 5.3.1.1 Getal OSW's gekapasiteer | 1 148 | 712 | 821 | 345 | 360 | 360 | 360 | 360 | 360 | 360 |
| 5.3.1.2 Getal OSW's met registrasie bygestaan | 1 179 | 881 | 997 | 726 | 798 | 798 | 798 | 798 | 798 | 875 |
| 5.3.1.3 Getal OSW's wat voor en ná evaluering aangedui het dat hul kennis verbeter het nadat hul bestuursteunopleiding deurloop het | 13 | 12 | 12 | 12 | 12 | 12 | 12 | 12 | 12 | 12 |
| 5.3.1.4 Getal kwesbare OSW's wat 'n mentorskapprogram deurloop het, wie se kennis, stelsels en vermoëns verbeter het | 0 | 12 | 12 | 12 | 12 | 12 | 12 | 12 | 12 | 12 |

Kwartaalike ontleding

| Programprestasie-aanwyser | PSD-SKAKELS | Verslagdoeningsperiode | Jaarlike teiken 2019/20 | Kwartaalike teikens | | | Kumulatief/ Nie-kumulatief |
|--|-------------|------------------------|-------------------------|---------------------|-----|-----|----------------------------|
| | | | | 1ste | 2de | 3de | |
| 5.3.1.1 Getal OSW's gekapasiteer | 2, 3 | Kwartaaliks | 360 | 100 | 115 | 80 | 65 |
| 5.3.1.2 Getal OSW's met registrasie bygestaan | 2, 3 | Kwartaaliks | 798 | 220 | 220 | 150 | 208 |
| 5.3.1.3 Getal OSW's wat voor en ná evaluering aangedui het dat hul kennis verbeter het nadat hul bestuursteunopleiding deurloop het | 2, 3 | Jaarlik | 12 | - | - | - | 12 |
| 5.3.1.4 Getal kwesbare OSW's wat 'n mentorskapprogram deurloop het, wie se kennis, stelsels en vermoëns verbeter het | 2, 3 | Jaarlik | 12 | - | - | - | 12 |

Subprogram 5.4 Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan

Doel van subprogram

Bestuur die programme vir Maatskaplike Fasilitering en Armoedeverligting vir Volhoubare Lewensbestaan (insluitend die Uitgebreide Openbare Werkeprogram (UOWP)).

Programfokus

Die fokusgebiede vir hierdie program vir die volgende drie jaar is die volgende:

- Verskaffing van tydelike werksgeleenthede en inkomste aan werklose mense onderwyl hulle werkplekervaring en vaardigheidsopleiding (UOWP-program en Ministeriële Kaapse Jeugwerkprogram) gebied word;
- Verskaffing van geteikende voeding aan diegene wat honger en wanvoeding ondervind en wat buite die DvG se terapeutiese voedingsprogram val; en

- Implementering van die norme en standaarde vir die program vir Volhoubare Lewensbestaan. Hierdie program het ten doel om deur sy intervensies werk te maak van die uifers kritieke uitdagings rakende werkloosheid en armoede.

Strategiese doelwit

| | |
|----------------------------|---|
| Strategiese doelwit | Bevorder maatskaplike insluiting en armoedeverligting deur voedingsondersteuning te verskaf en UOWP-geleenthede vir die mees kwesbares in die provinsie te fasiliteer. |
| Doelwitverklaring | Bevorder maatskaplike insluiting en armoedeverligting deur voedingsondersteuning te verskaf en UOWP-geleenthede vir 6 235 van die mees kwesbares in die provinsie teen Maart 2020 te fasiliteer. |
| Basislyn | Getal individue wat baat vind by armoedeverligtingsinisiatiewe: 5 820. |
| Regverdiging | Fasiliteer die implementering van voedselsekerheid- en maatskaplikewelsynsintensies vir die kwesbare individue en huishoudings in die Wes-Kaap. |
| Skakels | Hierdie doelwit sluit aan by Millennium-ontwikkelingsdoelwit 1: "Om uiterste honger en armoede uit te wis". Dit sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkoms en geleenthede vir jeugontwikkeling", asook PSD 3: "Om weiland en veiligheid te verhoog en maatskaplike euwels te verminder", Nasionale Uitkoms 7: "Lewendige, billike en volhoubare landelike gemeenskappe wat bydra tot voedselsekerheid vir almal", Nasionale Uitkoms 4: "Menswaardige indiensneming deur inklusiewe ekonomiese groei" en Nasionale Uitkoms 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike beskermingstelsel". Hierdie doelwit sluit aan by departementele Strategiese Doelwit 5: "Skep geleenthede deur gemeenskapsontwikkelingsdienste". |

| 5.4.1 Strategiese doelwit | Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Teiken volgens Strategiese Plan | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Beraamde prestasie 2018/19 | Mediumtermyn-teikens | | |
|---|--|---------------------------------|---------------------------------|---------|---------|----------------------------|----------------------|---------|---------|
| | | | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18 | | 2019/20 | 2020/21 | 2021/22 |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | <p>Risiko: Veelvoudige vereistes binne die vlak van die standaard. As een vereiste nie binne 'n vlak nagekom word nie, sal die Departement se punt by verstek na die laer vlak afgeskaal word. Voorts verander kriteria vir stawende dokumentasie en moderering op 'n jaarlikse grondslag en word eers aan die Departement bekendgemaak nadat die boekjaar onder oorsig verstryk het.</p> <p>Versagting: 'n Verbeteringsplan sal ontwikkel en geïmplementeer word wat fokus op die vereistes waaraan nie voldoen is nie rakende die bereiking van vlak 4 vir die betrokke standaard.</p> | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Navorsing-, Bevolking- en Kennisbestuur | | |

Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 2: Versterk maatskaplike funksionering van arm en kwesbare mense deur maatskaplikewelsynsdienste

| | | |
|--|---|-------------------------------|
| Prestasie-aanwyser vir strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit | Verspreiding van en toegang tot maatskaplikewelsynsdienste (dekking van dienste) in die Wes-Kaap. | 2.2 |
| Kort definisie | <p>Hierdie aanwyser bepaal die beskikbaarheid van maatskaplikewelsynsondersteuningsdienste aan kwesbare persone (ouer persone, persone met gestremdhede en persone wat uitermatige ontberings ervaar) aan die einde van die tydperk vir strategiese beplanning. Dit sluit die volgende in:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Getal OSW's wat residensiële en/of gemeenskapsgebaseerde dienste aan ouer persone en persone met gestremdhede lewer; en • Getal DMO-kantore wat individue, wat kwalifiseer vir finansiële en/of humanitêre hulp, evalueer en na SASSA verwys. | |
| Doel/belangrikheid | <p>Deelname aan residensiële en/of gemeenskapsgebaseerde programme en verwysing van kwalifiserende individue vir finansiële en/of humanitêre hulp verbeter die lewensgehalte van arm en kwesbare mense deurdat hul isolasie en vervreemding verminder word, wat hulle in staat stel om toegang te verkry tot maatskaplike veiligheidsnetze en wat maatskaplike insluiting bevorder deur hul betrokkenheid by sosiale hoofstroomaktiwiteite.</p> | |
| Bron/insameling van data | <ul style="list-style-type: none"> • Die Befondsingseenheid verskaf aan die einde van die verslagdoeningstydperk 'n lys van befondsde OSW's in die provinsie wat residensiële en/of gemeenskapsgebaseerde dienste lewer; en • Streekskantore voorsien aan die einde van die verslagdoeningstydperk 'n lys van DMO-kantore wat individue, wat aan die kriteria vir uitermatige ontbering voldoen, evalueer en na SASSA verwys. | |
| Berekeningsmetode | <ul style="list-style-type: none"> • Tel die getal OSW's wat die spesifieke dienste lewer; en • Tel die getal DMO-kantore wat die spesifieke dienste lewer. | |
| Databeperkings | NVT | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Indirekte dienslewering | Berekeningstipe NVT |
| Verslagdoeningsiklus | Einde van tydperk van Strategiese Plan (2020) | Nuwe aanwyser Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | <p>Risiko: Dienste gelewer bereik dalk nie die mees kwesbares/behoeftiges nie. Dienste gelewer voldoen nie aan norme en standaarde nie.</p> <p>Versagting: Deurlopende profielsamestelling en assessering word gedoen en diensleweringsteikenareas word in die befondsingsiklus (vir OSW's) en in eie dienstebeplanning aangepas. Gereelde monitering van nakoming en die onttrekking van befonding vir nienakoming deur OSW's.</p> | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Hoofdirekteur: Maatskaplike Welsyn | |

Subprogram 2.2 Dienste vir oer persone

| | | | |
|--|---|------------------------|----------------|
| Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Getal kwesbare oer persone wat toegang tot maatskaplike-ontwikkelingsdienste van gehalte in die provinsie verkry. | | 2.2.1 |
| Kort definisie | Dit is die totale getal oer persone wat tydens die verslagdoeningstydperk toegang tot die volgende dienste verkry: <ul style="list-style-type: none"> • Befondsde residensiële fasiliteite; • Gemeenskapsgebaseerde versorging- en ondersteuningsdienste; en • Hulporg- en selfsorgfasiliteite van die DMO. | | |
| Doel/belangrikheid | Om toegang tot maatskaplikeontwikkelingsdienste van gehalte vir arm en kwesbare oer persone te verseker. | | |
| Bron/insameling van data | Verslae gedurende die verslagdoeningstydperk rakende die bevestigde getal oer persone wat toegang verkry tot: <ul style="list-style-type: none"> • Befondsde residensiële fasiliteite; • Gemeenskapsgebaseerde versorging- en ondersteuningsdienste; en • Hulporg- en selfsorgfasiliteite wat deur die DMO befonds word. | | |
| Berekeningsmetode | Tel die bevestigde totale vir die jaar. | | |
| Databeperkings | NVT | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraagedrewe. | Berekeningstipe | Nie-kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Jaarliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | NVT | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Spesiale Programme | | |

| | | | |
|--|---|------------------------|----------------|
| Programprestasie-aanwyser | Getal oer persone wat toegang tot residensiële fasiliteite verkry. | | 2.2.1.1 |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser tel die getal oer persone wat tydens die verslagdoeningstydperk woonagtig was in fasiliteite wat deur die regering besit word en OSW-befondsde residensiële fasiliteite. | | |
| Doel/belangrikheid | Residensiële fasiliteite wat sorg aan verswakte oer persone voorsien. | | |
| Bron/insameling van data | Registers van inwoners met name, vanne en identiteitsnommers/geboortedatums en die totale getal inwoners aan die einde van elke kwartaal. | | |
| Berekeningsmetode | Tel en rapporteer die getal inwoners (60 jaar en ouer) in elke befondsde fasiliteit aan die einde van elke kwartaal. Jaarlikse uitset is die gemiddeld van vier kwartale. | | |
| Databeperkings | Mense jonger as 60 jaar soos getel/geverifieer deur die Wet. | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraagedrewe. | Berekeningstipe | Nie-kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | Risiko: Uitdagings vir OSW's om maandelikse bedryfskoste te dek. Versagting: Jaarlikse verhogings van subsidies vir eenheidskoste. | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Spesiale Programme | | |

| | | | |
|--|--|------------------------|----------------|
| Programprestasi-aanwyser | Getal ower persone wat toegang tot gemeenskapsgebaseerde versorging- en ondersteuningsdienste verkry. | | 2.2.1.2 |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser tel die getal ower persone wat in daardie kwartaal gemeenskapsgebaseerde versorging- en ondersteuningsdienste bygewoon het. Dit sluit lede van dienssentrums en klubs in. | | |
| Doel/belangrikheid | Die aanwyser weerspieël die mate waarin ower persone toegang tot gemeenskapsgebaseerde versorging- en ondersteuningsdienste verkry. | | |
| Bron/insameling van data | Kwartaallike lidmaatskapregisters (met name, vanne en geboortedatums of identiteitsnommers). | | |
| Berekeningsmetode | Tel die getal lede (60 jaar en ouer) van diensorganisasies en gemeenskapsgebaseerde versorging- en ondersteuningsdienste aan die einde van die kwartaal. Jaarlikse uitset is die gemiddeld van vier kwartale. | | |
| Databeperkings | Mense jonger as 60 jaar soos getel/geverifieer deur die Wet. | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe | Berekeningstipe | Nie-kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | Risiko: Die lidmaatskapslys mag dalk nie die werklike bywoning weerspieël nie. Versagting: Departementele amptenare sal tydens moniteringsbesoeke bywoning van lede assessee/verifieer. | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Spesiale Programme | | |

| | | | |
|--|--|------------------------|----------------|
| Programprestasi-aanwyser | Getal ower persone wat toegang verkry tot hulpsorg- en selfsorgfasiliteite wat deur die DMO befonds word. | | 2.2.1.3 |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser tel die getal ower persone wat nie residensiële 24-uur-versorging benodig nie en wat in hulpsorg- en selfsorghuise/persele/fasiliteite vir ower persone woon wat deur die DMO befonds word. | | |
| Doel/belangrikheid | Die aanwyser bepaal die getal ower persone wat in 'n veilige omgewing woon as 'n alternatief vir residensiële fasiliteite wat 24-uur-versorging verskaf. | | |
| Bron/insameling van data | Registers wat die name en identiteitsnommers/geboortedatums van die inwoners insluit. | | |
| Berekeningsmetode | Tel en rapporteer die getal inwoners (60 jaar en ouer) in elke befondsde fasiliteit aan die einde van elke kwartaal in die verslagdoeningstydperk en bereken die gemiddeld vir die jaar. | | |
| Databeperkings | Mense jonger as 60 jaar soos getel/geverifieer deur die Wet. | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Nie-kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Jaarlikse | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | Risiko: Uitdagings vir OSW's om maandelikse bedryfskoste te dek. Versagting: Jaarlikse verhogings van subsidies vir eenheidskoste. | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Spesiale Programme | | |

Subprogram 2.3 Dienste vir persone met gestremdhede

| | | | |
|--|---|------------------------|----------------|
| Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Getal persone met gestremdhede en hul gesinne/versorgers wat toegang tot ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste verkry. | | 2.3.1 |
| Kort definisie | Dit is die totale getal persone met gestremdhede en hul gesinne/versorgers wat gedurende die verslagdoeningstydperk toegang tot die volgende dienste verkry het: <ul style="list-style-type: none"> • Eie en OSW-befondsde residensiële fasiliteite; • OSW-befondsde beskermende werksinkels; • OSW-befondsde gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme; en • OSW-befondsde gespesialiseerde ondersteuningsdienste. | | |
| Doel/belangrikheid | Voorsiening van geïntegreerde programme en dienste aan persone met gestremdhede en hul gesinne/ versorgers. | | |
| Bron/insameling van data | Verslae van bevestigde data vir die getal kliënte wat dienste gedurende die verslagdoeningstydperk ontvang het: <ul style="list-style-type: none"> • Persone (kinders en volwassenes) met gestremdhede in befondsde residensiële fasiliteite; • Persone met gestremdhede wat toegang tot dienste in befondsde beskermde werksinkels verkry; • Persone met gestremdhede in DMO-befondsde gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme; en • Getal mense wat toegang tot DMO-befondsde gespesialiseerde OSW-ondersteuningsdienste verkry. | | |
| Berekeningsmetode | Tel die bevestigde totale vir die jaar. | | |
| Databeperkings | NVT | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Nie-kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Jaarliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | NVT | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Spesiale Programme, Direkteur: Fasiliteitsbestuur en Gehalte-monitoring. | | |

| | | | |
|----------------------------------|--|--|----------------|
| Programprestasie-aanwyser | Getal persone met gestremdhede wat toegang tot residensiële fasiliteite verkry. | | 2.3.1.1 |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser tel die totale getal persone (kinders en volwassenes) met gestremdhede wat tydens die verslagdoeningstydperk woonagtig was in fasiliteite wat deur die regering besit word en OSW-befondsde residensiële fasiliteite. | | |
| Doel/belangrikheid | Om te verseker dat residensiële versorgingsdienste verleen word ter beskerming, ondersteuning, stimulering en rehabilitasie van persone (kinders en volwassenes) met gestremdhede wat weens die aard van hul gestremtheid en maatskaplike situasie 'n behoefte aan sorg het. | | |
| Bron/insameling van data | Registers van inwoners met name, vanne, identiteitsnommers/geboortedatums/ouderdom, en saaknommer of unieke opsporingsnommer soos voorsien deur OSW's. | | |
| Berekeningsmetode | Tel en rapporteer die getal inwoners (kinders en volwassenes) in elke fasiliteit wat deur die regering besit word en OSW-befondsde fasiliteit aan die einde van elke kwartaal. Jaarlikse uitset is die gemiddeld van vier kwartale. | | |

| | | | |
|--|--|------------------------|----------------|
| Databeperkings | Sommige OSW's verskaf nie nodige data nie weens nasionale wetgewing, bv. Wet op Geestesgesondheid, dus sal ons dalk nie sekere kliënte kan verifieer nie. | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Nie-kumulatief |
| Verlagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | Risiko: OSW kan dalk nie voldoende bedspasie handhaaf nie weens stygende kostes en ekonomiese situasie. Versagting: Jaarlikse verhogings van subsidies vir eenheidskoste. | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Spesiale Programme, Direkteur: Fasiliteitsbestuur en Gehaltemonitering | | |

| | | | |
|--|--|------------------------|----------------|
| Programprestasie-aanwyser | Getal persone met gestremdhede wat toegang tot dienste in befondsde beskermde werkwinkels verkry. | | 2.3.1.2 |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser tel die getal persone met gestremdhede wat tydens die kwartaal regering- en OSW-befondsde beskermde werkwinkels bygewoon het. | | |
| Doel/belangrikheid | Om voorsiening van geïntegreerde sosio-ekonomiese ondersteuningsdienste te verseker wat eiewaarde, vaardigheidsontwikkeling, entrepreneurskap en blootstelling aan die wêreld van werk bevorder. | | |
| Bron/insameling van data | Registers van persone met gestremdhede met name, vanne, identiteitsnommers/geboortedatums/ouderdom, en saaknommer of unieke opsporingsnommer soos voorsien deur OSW's. | | |
| Berekeningsmetode | Tel die getal persone met gestremdhede wat 'n werkwinkel in elke maand gedurende die verslagdoeningstydperk bygewoon het en rapporteer die hoogste getal in die kwartaal. Jaarlikse uitset is die gemiddeld van al die kwartale. | | |
| Databeperkings | Sommige OSW's verskaf nie nodige data nie weens nasionale wetgewing, bv. Wet op Geestesgesondheid, dus sal ons dalk nie sekere kliënte kan verifieer nie. | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Nie-kumulatief |
| Verlagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | Risiko: Uitdagings vir OSW's om maandelikse bedryfskoste te dek. Versagting: Jaarlikse verhogings van subsidies vir eenheidskoste. | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Spesiale Programme | | |

| | | | |
|----------------------------------|---|--|----------------|
| Programprestasie-aanwyser | Getal persone met gestremdhede in DMO-befondsde gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme. | | 2.3.1.3 |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser tel die getal DMO-gesubsidieerde begunstigdes (kinders en/of volwassenes met gestremdhede) wat gedurende die verslagdoeningstydperk toegang tot DMO-befondsde dagsorgprogramme verkry het. | | |
| Doel/belangrikheid | Om voorsiening van dagsorgprogramme en dienste te verseker wat die regte en welstand van persone met gestremdhede in hul gemeenskappe bevorder. | | |

| | | | |
|--|---|------------------------|----------------|
| Bron/insameling van data | Registers van DMO-gesubsidieerde begunstigdes van gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme, insluitend name, vanne en identiteitsnommers (of geboortedatums). | | |
| Berekeningsmetode | Tel die getal gesubsidieerde begunstigdes in elke maand in die verslagdoeningstydperk en rapporteer die hoogste getal in die kwartaal. Jaarlikse uitset is die hoogste van vier kwartale. | | |
| Databeperkings | Sommige OSW's verskaf nie nodige data nie weens nasionale wetgewing, bv. Wet op Geestesgesondheid, dus sal ons dalk nie sekere kliënte kan verifieer nie. | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Nie-kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | Risiko: Uitdagings vir OSW's om maandelikse bedryfskoste te dek. Versagting: Jaarlikse verhogings van subsidies vir eenheidskoste. | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Spesiale Programme | | |

| | | |
|--|---|--|
| Programprestasie-aanwyser | Getal mense wat toegang tot DMO-befondsde gespesialiseerde OSW-ondersteuningsdienste verkry. | 2.3.1.4 |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser tel die getal mense (persone met gestremdhede, hul gesinne/versorgers, gemeenskapslede) wat toegang verkry tot gespesialiseerde dienste vir gestremdes wat deur DMO-befondsde OSW's in die gestremdheidssektor gelewer word. Gespesialiseerde ondersteuningsdienste vir gestremdes sluit in: gestremdhedspeesifieke opvoedkundige werksessies/opleidingsprogramme/praatjies (met die uitsondering van radio/gedrukte media); gevallewerk; groepwerk; aflossorg; ontspanningsaktiwiteite; mentorskapprogramme; ondersteuningsprogramme; en kapasiteitsbou van versorgers. | |
| Doel/belangrikheid | Om voorsiening van gestremdhedspeesifieke ondersteuningsprogramme en dienste te verseker wat die regte en welstand van persone met gestremdhede, hul gesinne en versorgers bevorder. | |
| Bron/insameling van data | Bywoningsregister van persone wat gedurende die jaar gevallewerk of groepwerk deurloop het, met verwysing na kliënt se naam en van en/of saaknommer met besonderhede en datum van diens wat verskaf is. | |
| Berekeningsmetode | Tel die getal kliënte wat gespesialiseerde ondersteuningsdienste in die verslagdoeningstydperk ontvang het. Kliënte moet nie meer as een keer gedurende die jaar getel word nie. | |
| Databeperkings | Sommige OSW's verskaf nie nodige data nie weens nasionale wetgewing, bv. Wet op Geestesgesondheid, dus sal ons dalk nie sekere kliënte kan verifieer nie. | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe Kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | Risiko: Uitdagings vir OSW's om maandelikse bedryfskoste te dek. Versagting: Jaarlikse verhogings van subsidies vir befonding van poste gekoppel aan inflasie. | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Spesiale Programme | |

Subprogram 2.5 Maatskaplike noodleniging

| | | | |
|--|---|------------------------|----------------|
| Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Getal ramp-en ontberingsgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA verwys is vir bystandsvoordele vir maatskaplike noodleniging. | | 2.5.1 |
| Kort definisie | Dit is die totale getal gevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA verwys is vir maatskaplike noodleniging weens uitermatige ontbering of as gevolg van rampe. | | |
| Doel/belangrikheid | Om toegang tot onmiddellike en tydelike maatskaplikennoodlenigingsdienste te fasiliteer vir diegene wat deur rampe en uitermatige ontberings geraak word. | | |
| Bron/insameling van data | Verslae gedurende die verslagdoeningstydperk rakende die bevestigde data vir die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • Getal ontberingsgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA verwys is; en • Getal rampgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA verwys is vir bystandsvoordele vir maatskaplike noodleniging. | | |
| Berekeningsmetode | Tel die bevestigde totale vir die jaar. | | |
| Databeperkings | NVT | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Nie-kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Jaarliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | NVT | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Streeksdirekteure | | |

| | | | |
|--|---|------------------------|----------------|
| Programprestasie-aanwyser | Getal ontberingsgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA verwys is vir bystandsvoordele vir maatskaplike noodleniging. | | 2.5.1.1 |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser hou verband met die getal gevalle (huishoudings) met 'n behoefte aan humanitêre noodleniging om uitermatige ontbering te verlig soos deur die DMO se streek- en plaaslike kantore geïdentifiseer, ooreenkomstig geskikheidskriteria geëvalueer en na SASSA vir maatskaplikennoodlenigingsdienste verwys. | | |
| Doel/belangrikheid | Hierdie voordeel fasiliteer toegang tot humanitêre/finansiële bystand aan gesinne wat ontberings in hul lewens ervaar. | | |
| Bron/insameling van data | Registers van gevalle wat geëvalueer en na SASSA verwys is vir bystandsvoordele vir uitermatige ontbering (registers moet saaknommers insluit, sowel as begunstigdes se name, vanne, ID-nommers/geboortedatums en adresse). | | |
| Berekeningsmetode | Tel die getal begunstigdes (een per huishouding) wat gedurende die verslagdoeningstydperk geëvalueer en na SASSA verwys is. | | |
| Databeperkings | Geen | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | Alle verwysings word toepaslik geëvalueer. | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | Risiko: Verwysings hang af van behoefte en versoeke vir noodleniging. Versagting: Waar toepaslik sal assesserings en verwysings deur ander diensverskaffers gedoen word, bv. munisipaliteite, SASSA. | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Streeksdirekteure | | |

| | | | |
|--|--|------------------------|----------------|
| Programprestasi-aanwyser | Getal rampgevallen (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA verwys is vir bystandsvoordele vir maatskaplike noodleniging. | | 2.5.1.2 |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser hou verband met die getal gevallen (huishoudings) met 'n behoefte aan humanitêre noodleniging om die impak van rampe te verlig soos deur die DMO se streek- en plaaslike kantore geïdentifiseer, ooreenkomstig geskikheidskriteria geëvalueer en na SASSA vir maatskaplikennoodlenigingsdienste verwys. | | |
| Doel/belangrikheid | Hierdie voordeel fasiliteer toegang tot humanitêre bystand en/of voeding en/of psigososiale berading vir persone wat deur rampe geraak is. | | |
| Bron/insameling van data | Registers van gevallen wat geëvalueer en na SASSA verwys is vir bystandsvoordele vir rampnoodleniging (registers moet saaknommers insluit, sowel as begunstigdes se name, vanne, ID-nommers/geboortedatums en adresse). | | |
| Berekeningsmetode | Tel die getal gevallen (een per huishouding) wat gedurende die verslagdoeningstydperk geëvalueer en na SASSA verwys is. | | |
| Databeperkings | Geen | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | Alle verwysings word toepaslik geëvalueer. | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | Risiko: Verwysings hang af van behoefte en versoeke vir noodleniging. Versagting: Waar toepaslik sal assesserings en verwysings deur ander diensverskaffers gedoen word, bv. munisipaliteite, SASSA. | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Streeksdirekteure | | |

Program 3: Kinders en Gesinne

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 3: Omvattende kinder-, gesinsorg- en ondersteuningsdienste om die regte van kinders te beskerm en maatskaplike welstand te bevorder.

| | | | | |
|--|--|------------------------|-----|------------|
| Prestasie-aanwyser vir strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit | Verspreiding van en toegang tot kinder- en gesinsorg en ondersteuningsdienste (dekking van dienste) in die Wes-Kaap. | | | 3.2 |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser bepaal die beskikbaarheid van vroeëintervensieprogramme vir kinders met riskante gedrag; dienste vir kinders met 'n behoefte aan sorg en beskerming; herintegrasie, hereniging- en gesinsbehoudprogramme vir kinders en gesinne, sowel as VKO- en naskoolse versorgingsprogramme. Alle dienste, programme en fasiliteite moet voldoen aan die norme en standaarde soos voorgeskryf in die Kinderwet. | | | |
| Doel/belangrikheid | Nakoming van wetgewende mandate in die voorsiening van omvattende sorg en ondersteuning aan kinders en gesinne is noodsaaklik vir die beskerming van die regte van kinders en bevorder ook maatskaplike insluiting. | | | |
| Bron/insameling van data | <ul style="list-style-type: none"> • Die Befondsingseenheid verskaf aan die einde van die verslagdoeningstydperk 'n lys van befondsde OSW's wat die spesifieke dienste lewer; en • Streekskantore voorsien aan die einde van die verslagdoeningstydperk lyste van DMO-kantore wat die spesifieke dienste lewer. | | | |
| Berekeningsmetode | Tel die getal OSW's en DMO-kantore wat die spesifieke dienste lewer. | | | |
| Databeperkings | NVT | | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Indirekte dienslewering | Berekeningstipe | NVT | |
| Verslagdoeningsiklus | Einde van tydperk van Strategiese Plan (2020) | Nuwe aanwyser | Ja | |
| Gewenste prestasie | DMO-befondsde OSW's en eie kantore verskaf die betrokke dienste in gebiede waar die behoefte die grootste is. | | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | <p>Risiko: Dienste gelewer bereik nie die mees kwesbares/behoefdiges nie. Dienste gelewer voldoen nie aan norme en standaarde nie.</p> <p>Versagting: Deurlopende profielsamestelling en assessering word gedoen en diensleweringsteikenareas word in die befondsingsiklus (vir OSW's) en in eie dienstebeplanning aangepas. Gereelde monitering van nakoming en die onttrekking van befonding vir nienakoming deur OSW's.</p> | | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Hoofdirekteur: Maatskaplike Welsyn | | | |

Subprogram 3.2 Sorg en dienste vir gesinne

| | | | | |
|---|---|--|--|--------------|
| Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Getal gesinne wat toegang verkry tot ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste wat gesinne en gemeenskappe versterk. | | | 3.2.1 |
| Kort definisie | Dit is die totale getal gesinne wat tydens die verslagdoeningstydperk baat vind by die volgende dienste: <ul style="list-style-type: none"> • Gesinsbehouddienste; en • Gesinshereniging. | | | |
| Doel/belangrikheid | Geïntegreerde en geteikende intervensies wat op die bou van veerkragtige gesinne fokus. | | | |

| | | | |
|--|---|------------------------|----------------|
| Bron/insameling van data | Verslae oor die bevestigde data van die volgende dienste in die verslagdoeningstydperk: <ul style="list-style-type: none"> • Getal gesinne wat aan programme vir gesinsbehoud- en ondersteuningsdienste deelneem; en • Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is. | | |
| Berekeningsmetode | Tel die bevestigde totale vir die jaar. | | |
| Databeperkings | Geen | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Nie-kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Jaarliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | NVT | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Kinders en Gesinne, Streeksdirekteure | | |

| | | | |
|--|---|------------------------|------------|
| Programprestasie-aanwyser | Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is. | 3.2.1.1 | |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser tel die getal volwasse gesinslede wat met hul gesinne herenig is deur middel van herenigingsintervensies (in lyn met die Norme en Standaarde vir Hawelose Volwassenes, 2015) soos tydens die kwartaal deur skuilings vir hawelose volwassenes gelewer. | | |
| Doel/belangrikheid | Hierdie intervensie fokus daarop om volwasse gesinslede met hul gesinne te herenig. | | |
| Bron/insameling van data | Herenigingsregisters met name, vanne, ID-nommers/geboortedatums, saaknommers en herenigingsadresse. | | |
| Berekeningsmetode | Tel die getal volwasse gesinslede wat in die herenigingsregisters gelys word. | | |
| Databeperkings | Geen | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | Risiko: Nienakoming deur befondsde OSW's van die Norme en Standaarde vir Hawelose Volwassenes, 2015. Versagting: Opleiding vir OSW's rakende die implementering van die beleid vir norme en standaarde, sowel as herenigingsriglyne. Monitering van OSW's se implementering van die riglyne vir die norme en standaarde. | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Kinders en Gesinne | | |

| | | | |
|----------------------------------|--|----------------|--|
| Programprestasie-aanwyser | Getal staatsgesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes. | 3.2.1.2 | |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser tel die totale getal DMO-gesubsidieerde beddens wat tydens die verslagdoeningstydperk befonds is. | | |
| Doel/belangrikheid | Om tydelike bedspasie aan kwesbare hawelose volwassenes in geregistreerde fasiliteite te bied. | | |

| | | | |
|--|---|------------------------|----------------|
| Bron/insameling van data | Lys van geregistreerde en befondsde organisasies wat oor die verslagdoeningstydperk skulling aan hawelose volwassenes bied en die getal gesubsidieerde beddens. | | |
| Berekeningsmetode | Tel die getal gesubsidieerde beddens elke maand in die verslagdoeningstydperk en rapporteer die hoogste getal. | | |
| Databeperkings | Geen | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Nie-kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Jaarliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | Risiko: Vul van bedspasie in landelike gebiede. Versagting: Monitering van bedspasie en ontwikkeling van DLVP's (Diensleweringverbeteringsplanne) per OSW. | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Kinders en Gesinne | | |

| | | |
|--|--|--------------------------------------|
| Programprestasie-aanwyser | Getal gesinne wat aan programme vir gesinsbehoud- en ondersteuningsdienste deelneem. | 3.2.1.3 |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser tel die totale getal gesinne wat tydens die verslagdoeningstydperk aan die programme vir gesinsbehoudsdienste deelgeneem het soos uiteengesit in die Norme en Standaard vir Dienste aan Gesinne (2013). Dit hou verband met alle programme en intervensies wat daarop gemik is om gesinne te beskerm en te versterk, insluitend gesinsberading; paartjie-/ huweliksberading; gesinsterapie; huweliksvoorbereiding- en verrykingsprogramme; terapeutiese programme; bemiddelingsdienste met inbegrip van egskedingsbemiddeling; gesinsgroepsamekoms; ooreenkomste rakende ouerskapsverantwoordelikhede en -regte. Dit sluit ook in ouerskapsplanne, ouerskapsvaardigheidsprogramme, ondersteuningsdienste en intervensies gemik op gesinshereniging en vroeëintervensiedienste. | |
| Doel/belangrikheid | Hierdie intervensie fokus op die versterking, behoud en verbetering van die versorgingsvaardighede van gesinne. | |
| Bron/insameling van data | Registers van gesinne wat nuut toegelaat is in gesinsbehoudprogramme en/of bywoningsregisters vir groepsessies en/of lysie van kliënte wat berading tydens die verslagdoeningstydperk ontvang het, met saaknommers (waar van toepassing). Register moet vanne, datums en tipe programintervensie insluit. | |
| Berekeningsmetode | Tel die getal gesinne (nie individuele gesinslede nie) wat tydens die verslagdoeningstydperk aan hierdie programme en dienste deelgeneem het. | |
| Databeperkings | Geen | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is nie vraaggedrewe nie. | Berekeningstipe Kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | Risiko: Nienakoming deur OSW's van die Norme en Standaard vir Dienste aan Gesinne, 2013. Versagting: Opleiding vir OSW- en DMO-amptenare in gesinsbehoud, Norme en Standaard vir Gesinne en die Geïntegreerde Ouerskapsraamwerk. | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Kinders en Gesinne, Streeksdirekteure | |

Subprogram 3.3 Kindersorg en -beskerming

| | | | | |
|--|---|------------------------|----------------|--------------|
| Prestasie-aanwyser vir strategiese doelwit | Getal kinders en gesinne in die provinsie wat toegang tot versorging- en beskermingsdienste verkry. | | | 3.3.1 |
| Kort definisie | Dit is die totale getal kliënte wat tydens die verslagdoeningstydperk die volgende dienste ontvang: <ul style="list-style-type: none"> • Kinders wat met hul gesinne of alternatiewe versorgers herenig is; • Ouers en versorgers wat oueropvoeding- en -opleidingsprogramme voltooi het; • Ondersoeke om te bepaal of 'n kind sorg en beskerming nodig, wat nie deur die Kinderhof geïnisieer is nie; en • Ondersoeke wat deur die Kinderhof ingestel is (ondersoeke wat deur die Kinderhof geïnisieer is). | | | |
| Doel/belangrikheid | Fasiliteer die voorsiening van 'n kontinuum van dienste wat die welstand van kinders bevorder en die veerkragtigheid van gesinne en gemeenskappe opbou om vir kinders te sorg en hulle te beskerm. | | | |
| Bron/insameling van data | Verslae oor die bevestigde getalle begunstigdes in die verslagdoeningstydperk: <ul style="list-style-type: none"> • Getal kinders wat met hul gesinne of alternatiewe versorgers herenig is; • Getal ouers en versorgers wat oueropvoeding- en -opleidingsprogramme voltooi het; • Getal ondersoeke om te bepaal of 'n kind sorg en beskerming nodig, wat nie deur die Kinderhof geïnisieer is nie; en • Getal ondersoeke wat deur die Kinderhof ingestel is (ondersoeke wat deur die Kinderhof geïnisieer is). | | | |
| Berekeningsmetode | Tel die bevestigde totale vir die jaar. | | | |
| Databeperkings | NVT | | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Nie-kumulatief | |
| Verslagdoeningsiklus | Jaarliks | Nuwe aanwyser | Nee | |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | NVT | | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Kinders en Gesinne, Streeksdirekteur | | | |

| | | | | |
|----------------------------------|--|--|--|----------------|
| Programprestasie-aanwyser | Getal kinders in pleegsorg geplaas. | | | 3.3.1.1 |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser tel die getal kinders wat in daardie kwartaal nuut in pleegsorg of groeppleegsorg (deur 'n hofbevel van die Kinderhof) geplaas is. Groeppleegsorg verwys na die groepering van hulpbronne om omvattende en responsiewe pleegsorgdienste aan pleegsorgkinders in geregistreerde groeppleegsorgskemas te verskaf. | | | |
| Doel/belangrikheid | Verseker dat kinders toegang het tot 'n alternatiewe veilige omgewing waar hulle kan groei en ontwikkel. | | | |
| Bron/insameling van data | Pleegsorgregister vir elke organisasie en streek met saaknommers en die kind se voorletters wat verwys na geldige hofbevele en plasinge vir daardie kwartaal. Groeppleegsorgregister vir die getal kinders wat in groeppleegsorg vir daardie kwartaal geplaas is. (Die geldige hofbevel moet deur organisasies geliasseer en bewaar word.) | | | |

| | | | |
|--|---|------------------------|------------|
| Berekeningsmetode | Tel die getal kinders wat tydens die verslagdoeningstydperk nuut in pleegsorg of groeppleegsorg geplaas is. | | |
| Databeperkings | Geen | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | <p>Risiko: Vertraging met die afhandeling van ondersoeke van die Kinderhof. Vertraging met die uitreiking van hofbevele.</p> <p>Versagting: Interaksie en skakeling met die Departement van Justisie en Binnelandse Sake via die Provinsiale/Streeksforum vir Kinders en Gesinne.</p> | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Kinders en Gesinne, Streeksdirekteure | | |

| | | | |
|--|--|------------------------|------------|
| Programprestasie-aanwyser | Getal kinders wat met hul gesinne of alternatiewe versorgers herenig is. | 3.3.1.2 | |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser tel die getal kinders wat in alternatiewe sorg (pleegsorg of residensiële sorg) weg van hul gesinne deur die Kinderhof geplaas is, en wie deur ingryping deur die DMO en befondsde OSW's teruggeplaas is in hul gesinne of gemeenskappe van oorsprong. | | |
| Doel/belangrikheid | Om permanensiebeplanning vir kinders te bevorder wat verseker dat hulle sodoende in lewenslange verhoudings met hul gesinne en/of gemeenskappe van oorsprong geplaas word. | | |
| Bron/insameling van data | Register van kinders wat met hulle gesinne of alternatiewe versorgers herenig is, met kinders se voorletters en saaknommers, wat aantoon op watter datum die kennisgewing van ontslag uitgereik is. Die kennisgewing van ontslag (artikel 175(1) Bevel) moet deur die organisasie geliasseer en bewaar word. | | |
| Berekeningsmetode | Tel die getal kinders op die kennisgewings van ontslag wat tydens die verslagdoeningstydperk uitgereik is (met uitsluiting van artikel 189). | | |
| Databeperkings | Ontslag uit alternatiewe sorg (artikel 176(1)), verlof tot afwesigheid (artikel 168), voorwaardelike oordrag (artikel 174) en beëindiging (artikel 189) moet nie getel word nie. | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | <p>Risiko: Die herenigingsproses is dikwels uitgereik en problematies, en baie kinders word binne die familie in pleegsorg geplaas.</p> <p>Versagting: Hierdie diens geniet voorkeuraandag in die streke.</p> | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Kinders en Gesinne, Streeksdirekteure | | |

| | | | |
|--|---|------------------------|----------------|
| Programprestasi-aanwyser | Getal ouers en versorgers wat oueropvoeding- en -opleidingsprogramme voltooi het. | | 3.3.1.3 |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser tel die getal ouers en versorgers van kinders wat reeds weens 'n statutêre proses in die kinderbeskermingsstelsel is (insluitend tydelike veilige sorg) en wat oueropvoeding- en -opleidingsprogramme voltooi het wat deur befondsde OSW's en die DMO se eie dienste verskaf is ten einde hereniging te bevorder. Versorgers sluit hoofde van KJSS'e uit. | | |
| Doel/belangrikheid | Om ouers en versorgers wie se kinders in die kinderbeskermingsstelsel geplaas is met oorskapsstrategieë en -vaardighede toe te rus om hereniging met hul kinders te fasiliteer. | | |
| Bron/insameling van data | Bywoningsregister met saaknommers, name, vanne en ID-nommers/geboortedatums van die ouers en versorgers wat in die verslagdoeningstydperk oueropvoeding- en -opleidingsprogramme voltooi het. | | |
| Berekeningsmetode | Tel die werklike getal ouers en versorgers van kinders wat reeds weens 'n statutêre proses in die kinderbeskermingsstelsel is en wat oueronderrig- en -opleidingsprogramme gedurende die verslagdoeningstydperk voltooi het. | | |
| Databeperkings | Geen | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraaggedrewe. | Berekeningstipe | Kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | <p>Risiko: Die geteikende ouers het dikwels lae motiveringsvlakke om die opleiding by te woon en meer tyd word benodig om te beplan en hulle te werf en te motiveer. Gesinne in landelike gebiede het nie altyd toegang tot die programme wat aangebied word nie.</p> <p>Versagting:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Opleiding sal aan maatskaplikewerkberoepslui verskaf word om die uitdagings, realiteite en algemene dinamika van die geteikende ouers beter te verstaan en sodoende hul benadering tot opleiding te verbeter; en • Skakeling met diensverskaffers om te verseker dat alle gesinne toegang tot programme verkry. <p>Monitering van nakoming van norme en standaarde; om maatskaplikewelsynsdienste van gehalte by plaaslike DMO-kantore en OSW's te lewer.</p> | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Kinders en Gesinne, Streeksdirekteure | | |

| | | | |
|---------------------------------|---|--|----------------|
| Programprestasi-aanwyser | Getal ondersoekte om te bepaal of 'n kind sorg en beskerming benodig, wat nie deur die Kinderhof geïnisieer is nie. | | 3.3.1.4 |
| Kort definisie | Hierdie aanwyser tel die getal ondersoekte geïnisieer deur aangewese maatskaplike werkers in die DMO en in OSW's waar hul poste deur die DMO befonds word, om te bepaal of 'n kind sorg en beskerming benodig ná 'n verslag, verwysing en/of voorlopige risikoboordeling van die betrokke kind. Die ondersoek kan na aanleiding wees van 'n verslag of verwysing aan die maatskaplike werker deur enige persoon wat oor grondige rede beskik dat 'n kind sorg en beskerming benodig soos beoog deur die Kinderwet. Dit sluit in gevalle van onvergeselde buitelandse minderjariges, kinderarbeid en -uitbuiting, kindermishandeling, kinderverwaarlosing, weeskinders, kwesbare kinders en straatkinders. Hierdie aanwyser sluit gevalle uit waar 'n ondersoek direk deur die landdros van 'n Kinderhof gelas is of na 'n maatskaplike werker verwys is deur die klerk | | |

| | | | |
|--|--|------------------------|------------|
| | van die Kinderhof ingevolge artikel 68 van die Kinderwet (sodanige gevalle word deur 'n aparte prestasie-aanwyser gedek). | | |
| Doel/belangrikheid | Alle kwesbare kinders moet onder die aandag van gepaste kinderbeskermingsdienste gebring word. Hierdie dienste is daarop gemik om die welsyn van kinders te beskerm. Die Departement moet verseker dat sodanige verslae ondersoek word ingevolge die vereistes van die Kinderwet. | | |
| Bron/insameling van data | <p>Register van ondersoekte onderneem deur 'n maatskaplike werker om te bepaal of 'n kind sorg en beskerming benodig ná 'n verslag, verwysing en/of voorlopige risikobeoordeling van die betrokke kind. Hierdie register bevat die volgende inligting:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voorletters van kind(ers); • Saaknommer van die kind(ers) se geval; • Datum waarop die geval na 'n maatskaplike werker vir ondersoek verwys is; • Datum wanneer vorm 22 voltooi is (indien van toepassing); en • Sperdatum vir afhandeling van die ondersoek. | | |
| Berekeningsmetode | Tel die getal ondersoekte per kwartaal wat toegeken is aan aangewese maatskaplike werkers (soos beskryf word in die kort definisie) om te bepaal of 'n kind sorg en beskerming benodig ná 'n verslag, verwysing en/of voorlopige risikobeoordeling van die betrokke kind. | | |
| Databeperkings | Geen | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraagedrewe. | Berekeningstipe | Kumulatief |
| Verslagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | <p>Risiko:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Onvanpaste assesserings wat lei tot bevindings wat die kind(ers) dalk in gevaar kan stel. • Ondersoekte wat langer as 90 dae duur. <p>Versagting:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Opleiding vir maatskaplike werkers oor die Kinderwet en sy regulasies en die Strategie vir die Verbetering van Kindersorg-en-Beskermingsdienste. • Instelling van verbeterde supervisie en strenger kanaliseringbestuur via SBP's. | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Kinders en Gesinne, Streeksdirekteure | | |

| | | |
|----------------------------------|--|----------------|
| Programprestasie-aanwyser | Getal ondersoekte wat deur die Kinderhof ingestel is (ondersoekte wat deur die Kinderhof geïnisieer is). | 3.3.1.5 |
| Kort definisie | <p>Hierdie aanwyser tel die getal ondersoekte wat in elke kwartaal deur die Kinderhof gelas is dat aangewese maatskaplike werkers in die DMO, of in poste befonds deur die Departement in die OSW-sektor, moet bepaal of 'n kind sorg en beskerming benodig. Dit sluit in gevalle waar die klerk van die Kinderhof die saak na 'n maatskaplike werker vir ondersoek verwys ingevolge artikel 68 van die Kinderwet. Hierdie aanwyser is van toepassing op gevalle rakende onvergeselde buitelandse minderjariges, kinderarbeid en -uitbuiting, kindermishandeling, kinderverwaarlosing, weeskinders, kwesbare kinders en straatkinders²⁵. Dit sluit nie kinders in vir wie 'n vorm 36 uitgereik is nie (noodverwydering) en vir wie 'n formele ondersoek deur die Kinderhof nie ingestel is nie. Hierdie kinders (gevalle van noodverwydering) sal getel word sodra die bevel deur die Kinderhof uitgereik is om te ondersoek of 'n kind sorg en beskerming benodig.</p> | |

²⁵ Norme, standaarde en praktykrylyne rakende die Kinderwet, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Mei 2010, bladsy 154.

| | | | |
|--|---|------------------------|------------|
| Doel/belangrikheid | Alle kwesbare kinders en wat sorg en beskerming benodig, moet onder die aandag van gepaste kinderbeskermingsdienste gebring word. Hierdie dienste is daarop gemik om die welsyn van kinders te beskerm en word gewoonlik voorsien binne die konteks van 'n wetlike en/of strategiese raamwerk wat statutêre dienste insluit. | | |
| Bron/insameling van data | <p>Register van getal hofbevele van die Kinderhof en verwysings van die klerk om ondersoek in te stel of 'n kind(ers) sorg en beskerming benodig, met inbegrip van artikel 47, artikel 50(1) en artikel 155(2) vir elke organisasie en streek/dienslewingsgebied, met die volgende inligting:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voorletters van kind(ers); • Saaknommer van die kind(ers) se geval; • Datum waarop hofbevele van die Kinderhof uitgereik/ingestel is om ondersoek in te stel of 'n kind(ers) sorg en beskerming benodig, met inbegrip van artikel 47, artikel 50(1) en artikel 155(2), of waarop die klerk van die hof die saak na 'n maatskaplike werker vir ondersoek verwys het ingevolge artikel 68 van die Wet; • Datum waarop hofbevele deur die Kinderhof om te bepaal of 'n kind(ers) sorg en beskerming benodig, verstryk (d.w.s. 90 dae) of indien langer as 90 dae waar 'n verlenging soos toegestaan deur die Kinderhof verstryk; en • Die hofbevel van die Kinderhof of die klerk se verwysing moet in die individuele saaklêer van die kind(ers) geliasseer word. | | |
| Berekeningsmetode | Tel die getal hofbevele van die Kinderhof en verwysings deur die klerk om ondersoek in te stel of 'n kind(ers) sorg en beskerming benodig, met inbegrip van (maar nie beperk nie tot) artikel 47, artikel 50(1) en artikel 155(2), wat per kwartaal uitgereik is. | | |
| Databeperkings | Geen | | |
| Tipe aanwyser | Uitset: Direkte dienslewering. Teiken is vraagedrewe. | Berekeningstipe | Kumulatief |
| Verlagdoeningsiklus | Kwartaalliks | Nuwe aanwyser | Nee |
| Gewenste prestasie | JPP-teiken behaal | | |
| Risiko en versagting van risiko (dienslewering) | <p>Risiko: Ondersoeke word nie afgehandel binne die verpligte periode van 90 dae nie weens, onder andere:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Tekort aan maatskaplike werkers (DMO en OSW's); • Gebrek aan opleiding en supervisie van maatskaplike werkers (DMO en OSW's); • Hoë personeelomset (OSW's); • Tekort aan (geskikte) staatsvoertuie in streke (DMO); en • Probleme met die verkryging van nodige inligting vanaf ander kantore/organisasies/provinsies. <p>Versagting: Implementering van die DMO se Wes-Kaapse Strategie vir die Verbetering van Kindersorg-en-Beskermingsdienste.</p> | | |
| Verantwoordelikheid vir aanwyser | Direkteur: Kinders en Gesinne, Streeksdirekteure | | |

| | | |
|----------------------------------|---|----------------|
| Programprestasie-aanwyser | Getal vorm 38-verslae wat deur aangewese maatskaplike werkers by die Kinderhof ingedien is. | 3.3.1.6 |
